# DIE REICHSARBEITSDIENST EN DIE SPESIALE DIENSBATALJON IN DIE PERIODE 1933 - 1939: 'n VERGELYKING

**S.M. FOURIE**

Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

**Vaaldriehoekkampus**

# DIE REICHSARBEITSDIENST EN DIE SPESIALE DIENSBATALJON IN DIE PERIODE 1933 - 1939: 'n VERGELYKING

**Stephanus Markus Fourie**
**B.A. (Hons.), H.O.D.**

Skripsie voorgelê vir die gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in die Departement Geskiedenis aan die Vaaldriehoekkampus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof. P. de Klerk

Vanderbijlpark
November 1996

1997 -04- 21

# ABSTRACT

The aim of this study is to compare the Reicharbeitsdienst (RAD) in Germany and the Special Service Battalion (SSB) in South Africa.

The study focuses on the circumstances that led to the creation of the RAD and the SSB, their aims, structure, general functioning and whether the SSB has in any way been influenced by the RAD.

Both organisations are analysed separately concerning their creation, structure, purpose and the role they played during the Second World War; and in the final chapter the organisations are compared directly.

The findings of the study reveal that both the RAD and the SSB came into being due to abnormal socio-economical circumstances in Germany and in South Africa during the early thirties. The main cause for the creation of both organisations was unemployment. The main aims of the RAD and the SSB were to dissolve unemployment and to give the youth a new sense of pride. The main difference between the RAD and the SSB was that, unlike the SSB, the RAD did not want to make soldiers out of its members. The RAD gave its members an ideology, in this case National-Socialism. The SSB also wanted to be a distinctive unit, but no attempts were made to subject its members to an ideology. There is also no evidence that the SSB had been influenced by the RAD.

With the outbreak of the Second World War both organisations had to adapt. The RAD was forced to give limited training in the use of weapons to its members. On the other hand the SSB became a fully operational military war unit.

# INHOUDSOPGAWE


1. INLEIDING 1

2. 'N PERSPEKTIEF OP DIE ONTWIKKELING VAN DIE IDEE VAN ARBEIDSDIENS 3

2.1 Inleiding 3

2.2 Die rol van ekonomiese probleme in die ontstaan van die verskillende arbeidsdiensorganisasies 4

2.3 Die vroeë arbeidsdiens in Duitsland 5

2.4 Die arbeidsdiens buite Duitsland 7

3. DIE REICHSARBEITSDIENST (RAD) IN DUITSLAND 12

3.1 Die stigting van die RAD 12

3.2 Die struktuur van die RAD 22

3.3 Die aktiwiteite van die RAD 35

3.4 Die plek van die RAD in die Nasionaal-Sosialistiese staat 44

3.5 Die invloed van die RAD op die buiteland 47

3.6 Die rol van die RAD in die Tweede Wêreldoorlog 50

## INHOUDSOPGAWE (Vervolg)


4. DIE SPESIALE DIENSBATALJON (SDB) IN SUID-AFRIKA 52

4.1 Inleiding 52

4.2 Perspektief op die faktore wat bygedra het tot die stigting van die SDB 53

4.3 Die stiging en struktuur van die Spesiale Diensbataljon 58

4.4 Die funksionering van die Spesiale Diensbataljon 62

4.5 Die plek van die SDB binne die Unie-Verdedigingsmag 66

4.6 Die rol van die SDB in die Tweede Wêreldoorlog 72

5. VERSKILLE EN OOREENKOMSTE TUSSEN DIE RAD EN DIE SDB 74

5.1 Inleiding 74

5.2 'n Vergelyking van die redes wat tot die stigting van die RAD en SDB aanleiding gegee het 74

5.3 'n Vergelyking van die doelstelling van die RAD en SDB 76

5.4 'n Vergelyking van die funksionering van die RAD en SDB 79

6. SAMEVATTING 82

BRONNELYS 84

LYS VAN AFKORTINGS 90


* * * * *

# 1. INLEIDING

Die periode 1933 - 1945 was in vele opsigte eiesoortig in die wêreldgeskiedenis. Een van die aspekte wat hierdie era as sodanig uitsonder is die arbeidsdiensgedagte. Daar was 'n aantal organisasies in verskillende lande wat probeer het om die destydse werkloosheidskrisis deur verskillende vorme van arbeidsdiens te verlig, soos onder andere in Duitsland en in Suid-Afrika. Die arbeidsdiensidee het meer op die voorgrond getree in Duitsland, maar daar was tog sekere ooreenkomste tussen die Arbeidsdiens in Duitsland en die Spesiale Diensbataljon (SDB) in Suid-Afrika. In hierdie studie word gepoog om die ooreenkomste en verskille tussen die Duitse Ryksarbeidsdiens (RAD) en die SDB teenoor mekaar te stel en daarmee ook die vraag te beantwoord of die SDB deur die RAD beïnvloed is.

Die hele arbeidsdiensgedagte binne en buite Duitsland het sy ontstaan daarin gehad dat mense oorspronklik na 'n oplossing vir die maatskaplike ellende en werkloosheids-nood na die Eerste Wêreldoorlog gesoek het.

Die arbeidsdiens van die Nasionaal-Sosialistiese Duitsland het egter meer as blote werkverskaffing ten doel gehad. Die hoofoogmerk was om die jeug in 'n bepaalde wêreldbeskouing op te voed (in hierdie geval die Nasionaal-Sosialisme). Dit was egter nie die doel van die RAD om jeugdiges as soldate op te lei nie. Die SDB in Suid-Afrika wou juis aan 'n gekeurde aantal jong manne die geleentheid bied om as soldate opgelei te word om daarna deur middel van die leër 'n betrekking in die siviele lewe te vind.

Die besorgdheid van individue soos Konstantin Hierl, leier van die latere Reichsarbeitsdienst in Duitsland, asook sir Pierre van Ryneveld, hoof van die Generale-staf van die Unie-Verdedigingsmag in Suid-Afrika, het veral 'n belangrike rol gespeel in die stigting van die onderskeie arbeidsdiensorganisasies.

Daar is nog nie 'n vergelykende studie oor die RAD en die SDB gedoen nie, maar enkele werke het wel oor die twee organisasies verskyn.[1] Daar is in die onderhawige studie ook van argivale bronne gebruik gemaak. Sekere bronnemateriaal is ook in Duitsland gevind.[2] Heelwat inligting rondom die faktore wat aanleiding kon gee tot die stigting van die SDB, kon ook van die Suid-Afrikaanse argiewe verkry word.

In hierdie studie word daar gepoog om krities na die bronne te kyk, veral in die lig daarvan dat sekere sake en gebeure rondom die Tweede Wêreldoorlog selfs vandag nog emosioneel benader word.

Daar word eers kortliks na die idee van arbeidsdiens en die ontstaan daarvan in enkele lande gekyk. Die RAD en die SDB word dan afsonderlik behandel, waarna die ooreenkomste en verskille tussen die twee organisasies bespreek word.

---

1 H. Fritsch, *Land mein Land: Bauerntum und Landdiens & Bdm - Osteinsätze, Siedlungsgeschichte im Osten.* (Allendorf, K.W. Schütz, 1986); Mallebrein, *Männer und Maiden; Leben und Wirken im Arbeidsdienst des Deutschen Staaten im Wort und Bild,* 2de uitg. (Preussisch Oldendorf, K.W. Schütz, 1985); W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon 1933 - 1939* (ongep. M.A-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1972).

2 Onder meer: W. Steffens, onderhoud, 26 Des. 1992, Notas in skrywer se besit; F. Meinecke, *Grabeneinsatz im Moor* (Program tydens samekoms van voormalige RAD-leiers, Hannover, 31 Aug. 1979 - 2 Sept. 1979), p. 10; K. Hierl, *Gedanken hinter Stacheldraht: Eine Lebenschau von Konstantin Hierl* (Heidelberg, Kurt Vowinckel, 1953); K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland 1918 - 1945* (Heidelberg, Kurt Vowinckel, 1954).

# 2. 'n PERSPEKTIEF OP DIE ONTWIKKELING VAN DIE IDEE VAN ARBEIDSDIENS

## 2.1 Inleiding

Dit blyk dat 'n aantal organisasies kort na die Eerste Wêreldoorlog ontstaan het met die oogmerk om aan werkloses werk te verskaf. Sover dit hierdie organisasies betref, gaan hulle slegs oorsigtelik bespreek word. Vir die doel van hierdie studie is ook slegs van enkele bronne aangaande hierdie organisasies gebruik gemaak.

Verskillende faktore het 'n rol gespeel in die totstandkoming van hierdie vroeë arbeidsdiensorganisasies. Hierdie faktore was bewapening, verskillende denkstrome en die Romantiek wat in 'n mate in die vroeë twintigste eeu herleef het.[3] Na die Eerste Wêreldoorlog het ook 'n verskeidenheid nuwe ideologieë hulle merk op die politiek begin maak, soos die Fascisme, die Nasionaal-Sosialisme en die Kommunisme. Die verwoestende gevolge van die Eerste Wêreldoorlog het daartoe gelei dat mense eerder hulle aandag aan opbou en opheffing, as aan bewapening wou skenk.[4]

Skeppende en doelgerigte arbeid sou 'n diens moes wees wat sonder vergoeding moes geskied en binne 'n vasgestelde tydperk afgelê moes word. Die eerste soort arbeids-

---

3 Anon., "Arbeidsdienst" *Politisches Lexicon*, nr. 1, 1967; G. Constable (ed.), *The new order*, 2 de uitg.(Virginia, Time Life, 1990).

4 Vgl. G. Müller, *Überstaatliche Machtpolitik im 20 Jahrhundert*, 3 de uitg. (Bebenburg, Hohe Warte, 1982) p. 261.

organisasie het dus in die tyd onmiddellik na die Eerste Wêreldoorlog ontstaan.[5]

## 2.2 Die rol van ekonomiese probleme in die ontstaan van die verskillende arbeidsdiensorganisasies

Dit lyk asof daar 'n direkte verband bestaan tussen die ontstaan van die arbeidsdiens en ekonomiese probleme in Europa wat deur die Eerste Wêreldoorlog veroorsaak is. Die ontstaan van die arbeidsdiens na die Eerste Wêreldoorlog word selfs deur een skrywer as 'n "kind van die front" bestempel.[6]

Wat verder tot die noodsaaklikheid van arbeidsdiens in Duitsland bygedra het, was die ekonomiese krisisse van die twintigerjare. Die eerste groot krisis is gedurende 1923 beleef omdat die Duitse inflasiekoers weens oorlogskuld 'n hoogtepunt bereik het, en duisende Duitsers as gevolg hiervan ekonomies geruïneer is.[7]

Die oorsake van die ontstaan van die verskillende arbeidsdiensorganisasies in die twee dekades na die Eerste Wêreldoorlog in Europa sowel as in die VSA was dus hoofsaaklik ekonomies van aard.[8]

---

5 Vgl. G. Constable (ed.), *The new order*, p. 10.

6 W. Mallebrein, *Männer und Maiden ...*, p. 13.

7 G. Constable (ed.), *Storming to power*, 2 de uitg. (Virginia, Time Life, 1990), p. 37.

8 F. Friedel, "Roosevelt Franklin D" *Encyclopaedia Brittanica*, nr. 15, 1980, pp. 1139 - 1140; A. Wood, *Europe 1815 - 1945* (Essex, Longman, 1964) p. 414.

Alhoewel die VSA geen verwoesting beleef het nie, was hy geensins vrygestel van die groot depressie se gevolge nie. Werkloosheid was destyds 'n wêreldwye probleem. Die ineenstorting van die Wallstraatse aandelebeurs op 24 Oktober 1929 het die wêreldwye werkloosheid katastrofiese afmetings laat aanneem. Teen 1931 was die werkloosheidsyfer in die toonaangewende lande van die wêreld reeds in die miljoene. In Duitsland was daar ses miljoen, in Brittanje drie miljoen en in die VSA veertien miljoen werkloses.[9]

## 2.3 Die vroeë arbeidsdiens in Duitsland

In Duitsland was daar sedert 1918 'n verskeidenheid arbeidsorganisasies. Die meeste van die organisasies het uitsluitlik bestaan met die doel om aan werkloses arbeid te verskaf. Die lede van hierdie organisasies het wyd uiteenlopende wêreldbeskouinge verteenwoordig. So was daar byvoorbeeld jeuggroepe, kerklike en politieke groeperinge en selfs 'n paar kommunes.

'n Paar goed georganiseerde organisasies soos die "Algemeine Deutsche Gewerkschaftsbund", die "Reichsbanner Schwarz - Rot - Gold" en die "Soziale Dienst" van die SPD kan ook in die verband genoem word. Almal was egter praktiese hulpinrigtings om die werkloosheid aan te pak. Hulle was ook gekant teen een omvattende arbeidsdiensorganisasie, omdat hulle dan hulle eie sieninge ondergeskik

---

9 A. Wood, *Europe 1815 - 1945*, p. 413.

aan 'n sentrale arbeidsorganisasie moes stel of selfs sou moes ontbind.[10]

Reeds in 1925 het die voorsitter van die "Jungdeutsche Orden", Arthur Mahram, probeer om algemene arbeidsdiensplig vir die jeug deur te voer, maar sonder sukses. Die rede hiervoor was die skynopbloei van die Duitse ekonomie.[11]

Die werkloosheidsnood wat steeds daar was, het egter aangehou om 'n toeloop van jeugdiges na die verskillende arbeidsorganisasies te veroorsaak. Afgesien van organisasies wat bloot werk aan werkloses wou voorsien, was daar ook organisasies wat deur middel van arbeidsdiensplig 'n weg gesien het om die verbod op militêre diensplig volgens die verdrag van Versailles te omseil.[12]

Hierdie verskillende verenigings wou die materiële en geestelike nood deur kameraadskap oorwin.[13]

Dit wil ook voorkom asof die onvermoë van die Weimarregering om die destydse ekonomiese wantoestande te beredder,[14] moontlik daartoe bygedra het dat mense hulle vrywillig by een of ander arbeidsorganisasie aangesluit het.[15] Na die ineenstorting van

---

10 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p 13.

11 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p.14.

12 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland*, p. 69; Kyk ook p. 16 hieronder.

13 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 15.

14 P.C. Kindleberger, *The World in depression: 1929 - 1939* (London, Penguin, 1973), p. 238.

15 Vgl. K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland*, p. 71. Kyk ook p. 19 hieronder.

die Wallstraatse aandelebeurs was die werkloosheid in Duitsland so groot, dat ook die Weimarregering in die vrywillige arbeidsdiens 'n produktiewe werkloosheidsinrigting gesien het. Hierdie siening het neergekom op staatsondersteuning vir die arbeidsdiensidee.

Die toestand van die arbeidsdiens voor 1933 was egter op sy beste 'n samevoeging van mense in organisasies wat geen verbintenis met mekaar gehad het nie.[16] Hierdie organisasies is gedra deur talle politieke organisasies en partye, kerke, private- en jeugondernemings sodat, daar teen 1933 ongeveer tweehonderd sulke arbeidsverenigings was.[17]

Soos daar verder in hierdie ondersoek aangetoon sal word, het die idee van arbeidsdiens in Duitsland saamgehang met 'n bepaalde denkrigting en ideologie. Dit was egter nie noodwendig die geval in ander lande nie.[18]

## 2.4 Die arbeidsdiens buite Duitsland

Die idee van arbeidsdiens was volgens Konstantin Hierl se voorstelling wel uniek, maar arbeidsdiens was geensins tot Duitsland beperk nie.

---

16 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 14.

17 Anon, "Arbeitsdienst".

18 Vgl. K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland*, p. 75.

In Switserland het die "Internasionale Siviele Diens" onmiddellik na die Eerste Wêreldoorlog tot stand gekom.[19] Bulgarye was die enigste land wat die arbeidsdiensplig vanaf 5 Junie 1920 verpligtend gemaak het,[20] waarskynlik omdat in dié land militêre diensplig volgens die Verdrag van Neuilly verbied is.[21]

In Oostenryk is daar reeds in 1919 'n wetsontwerp oor "n "Ryksarbeidsleër" voorgelê, maar verder as die beplanning daarvan het dit ook nie gekom nie. Daar was wel ook 'n soort vrywillige arbeidsdiens sedert 1930 in Oostenryk.[22]

Verskeie ander lande, soos Pole, Hongarye en Joego-Slawië, het sedert 1930 probeer om die idee van arbeidsdiens in te voer. Ongelukkig het die toepassing daarvan in die tydperk nie veel opgelewer nie.[23]

In België sou daar volgens 'n koninklike verordening, tussen 1935 en 1939, vyftien arbeidslaers opgerig moes word. In Noorweë is die eerste eksperimentele arbeidslaer in 1936 opgerig. In die genoemde lande het die arbeidsdiens egter eers werklik op dreef gekom na die Duitse besetting van 1940.[24]

---

19 Vgl. W. Mallebrein, *Männer en Maiden* ..., p. 13.

20 H. Fritsch, *Land mein Land* ..., p. 11.

21 RAD, *Jahrbuch des Reichsarbeitsdienstes, 1937/38* (Berlyn, Volk und Reich, 1938), p. 10.

22 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 13.

23 *Der Südafrika Deutsche*, 27.06.1991: berig "Der Europäische Arbeitsdienst". Vgl. W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p.137

24 *Der Südafrika Deutsche*, 27.06.1991: berig: "Der Europäische Arbeitsdienst". Vgl. ook W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., pp. 139 - 140.

Die enigste land buiten Bulgarye waar verpligte arbeidsdiens ook voorgekom het, was Roemenië.[25] Die eerste spore van arbeidsdiens in Roemenië was reeds in die vroeë twintigerjare sigbaar. Dit was as gevolg van die poging van die Ystergarde dat daar buite staatsverband met 'n arbeidslaer begin is.[26] Codreanu, leier van die Ystergarde, het deur middel van 'n arbeidsdiens probeer om die Roemeense jeug te organiseer. Die eerste arbeidslaer is op 8 Mei 1924 begin, maar is kort daarna deur die Roemeense polisie vernietig.[27] Teen die middel van 1925 is daar toe met nog 'n arbeidslaer begin.[28] Uiteindelik het die Roemeense eerste minister, Antonescu, in 1941 die arbeidsdiens na die Duitse voorbeeld, in Roemenië ingevoer.[29] Vanaf 15 Oktober 1941 is daar selfs Roemeense arbeidsoffisiere in Braunschweig opgelei.[30]

Ook die pogings wat in die VSA aangewend is, verdien besondere vermelding. Met president Franklin D. Roosevelt se bewindsaanvaarding in 1932, was daar selfs meer werkloses in die VSA as in Duitsland.[31] Roosevelt het gevolglik as 'n poging om die werkloosheid te verlig, die "Civil Conservation Corps" (CCC) in die lewe geroep. Dit is egter maar een voorbeeld van die pogings van die Roosevelt-regering om die Amerikaanse ekonomie te verbeter. Hierdie en ander pogings kon 'n bydrae gelewer

---

25 W. Mallerbrein, *Männer und Maiden*..., p. 13.

26 Die Fascisme van Codreanu het sy oorsprong in die Rooms Katolisisme en die Roemeense boerebevolking. Vgl. C. Codreanu, *Eiserne Garde: An meine Legionäre* (München, Collectia, 1987), pp. 163 - 167.

27 H. Kohn, "Fascism", *Encyclopaedia Britannica*, nr. 7, 1980, p. 187.

28 C. Condreanu, *Eiserne Garde* ....., pp. 163 - 167.

29 C. Condreanu, *Eiserne Garde* ....., pp. 213 - 214.

30 *Der Südafrika Deutsche*, 27.06.1991: berig: "Der Europäische Arbeitsdienst".

het tot 'n toename in die populêre steun vir Roosevelt.[32] Met die goedkeuring van die Amerikaanse Kongres het die CCC werk verskaf aan 500 000 jong manne wat veral gebruik is in bosbou en vloedbeheer. Die CCC het by die publiek byval gevind en was in gebruik gedurende die New Deal-jare.[33]

Vir die werkloses wat teen 1935 nog geen heenkome gehad het nie, is die "Works Progress Administration" (WPA) gestig.[34] Tussen 1935 en 1941 is 2 1000 000 mense by die WPA betrek.[35]

Daar is ook in Italië sedert 1930 'n program van openbare werke van stapel gestuur. Een voorbeeld hiervan is die dreinering van die Pontynse Moerasse.[36] Ook in Suid-Afrika is daar gepoog om deur middel van staatsbeheerde skemas werkloosheid in 'n mate te verlig, soos onder andere deur middel van die SDB.[37]

---

31 Vgl. A. Wood, *Europe 1815 - 1945*, p. 413.

32 F. Friedel, "Roosevelt Franklin D", pp. 1139 - 1140.

33 Daar word beweer deur H.J. Evert dat Roosevelt nooit totale sukses ten opsigte van werkloosheid gehad het nie. Waar die VSA teen 1939 nog werkloses gehad het, was daar geen werkloses in Duitsland meer nie. Vgl. H.J. Evert, *Aus deutscher Sicht: Erlebte Zeitgeschichte* (Fischbachbau, Evert, 1985), p. 344.

34 Alhoewel meer as twee miljoen mense uiteindelik by die WPA betrek is, was die WPA nooit so deel van die Amerikaanse sisteem soos wat die geval met die RAD in Duitsland was nie. Kyk pp. 33 - 43 hieronder.

35 F. Friedel, "Roosevelt Franklin D", pp. 1139 - 1140.

36 A. Wood, *Europe 1815 - 1945*, p. 403.

37 Vgl.Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria, Havenga vers, 38 A\26: Wit arbeiders op die skemas, 1936. Kyk ook p. 48 hieronder.

Daar was dus verskeie lande in die jare 1920-1940 waar arbeidsdiens ingevoer is, maar die arbeidsdiensidee het egter die grootste omvang, impak en invloed in Duitsland gehad.

Die krisis na die Eerste Wêreldoorlog was 'n stimulus vir die ontstaan van die arbeidsdiensgedagte. Baie arbeidsdiensbewegings het in verskillende lande spontaan ontstaan. Uiteraard is daar ook vanuit staatsweë probeer om die werkloosheids-vraagstuk van die twintigerjare op te los. Die ineenstorting van die Wallstraatse aandelebeurs het egter die hele wêreld geraak en soos verder in hierdie studie aangetoon word, was die daaropvolgende depressie die werklike stimulus tot die ontstaan van organisasies soos die RAD en SDB.

## 3. DIE REICHSARBEITSDIENST (RAD) IN DUITSLAND

In hierdie hoofstuk word die ontstaan van die Reichsarbeitsdienst in Duitsland bespreek. Aandag word gegee aan die ontstaan, die struktuur en die aktiwiteite van die RAD. Daar word veral aandag gegee aan Hierl se idee met die arbeidsdiens en die inskakeling van die RAD in die Nasionaal-Sosialistiese staat en na die uiteindelike bydrae van die RAD tot die opheffing van Duitsland.

### 3.1 Die stigting van die RAD

Dit is eerstens van belang om in hierdie bespreking van die RAD se stigting 'n kort bekendstelling van Konstantin Hierl te gee.

Hierl was aanvanklik 'n professionele soldaat. Hy verlaat die leër in 1924 met die rang van kolonel. In 1929 sluit hy by die NSDAP aan en word leier van die Organisasie Departement II. In 1933 word hy staatsekretaris in die Ryksarbeidsministerie en in 1935 word hy leier van die Ryksarbeidsdiens. Na die Tweede Wêreldoorlog is hy as oorlogsmisdadiger verhoor en veroordeel, maar spoedig vrygelaat.[38]

38 Vgl. C. Hamilton, *Leaders and Personalities of the Third Reich: Their biographies, portraits and autographs* (California, James Bender, 1984), p. 227.

Konstantin Hierl was in meer as een opsig die dryfkrag in die skepping van 'n formele arbeidsdiens in Duitsland. Hierl en die RAD het uiteindelik onlosmaaklike begrippe geword omdat die RAD grootliks rondom sy idees opgebou sou word.[39]

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat 'n arbeidsdiens nie oorspronklik op die NSDAP se agenda verskyn het nie. Hierl se filosofie van verering van arbeid en dat die individu homself vir die saak moes opoffer, was welkome idees in Nasionaal-Sosialistiese kringe.

Hierl het egter aanvanklik 'n aanknopingspunt met enige organisasie gesoek wat sy idees kon aanvaar. Daarom het hy reeds in 1923 'n manuskrip aan die hoof van die Duitse leër gestuur rakende 'n arbeidsdiens wat die jeug in 'n "arbeidsgeoriënteerde filosofie" kon opvoed.[40] Die Duitse leër het wel van dié manuskrip kennis geneem, maar die saak is daar gelaat met die gevolg dat Hierl na 'n geskikte politieke organisasie begin soek het.

Hierl moes dus 'n party of organisasie uitkies wat moontlik sy eie idees gustig kon oorweeg. Vir die keuse van so 'n organisasie, was die NSDAP van Adolf Hitler meer as net 'n waarskynlike kandidaat. Reeds in die naam NSDAP kom aspekte voor wat Hierl kon beïndruk het, soos "Nasionaal-Sosialisties" en "Arbeidersparty".

---

39 Vgl. W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 21.

40 H. Evert, *Aus deutscher Sicht*, p. 108.

Sonder die moontlikheid om binne in 'n sisteem te ontwikkel, sou Hierl se idee waarskynlik teorie gebly het. Hierl moes dus 'n party of organisasie uitkies wat oor die vermoë beskik om sy idees tot praktiese uitvoering te bring.[41]

Adolf Hitler het in 1919 lid van die Duitse Arbeidersparty (DAP) geword en in Februarie 1920 die leier daarvan. Hy verander die naam daarvan na die Nasionaal-Sosialistiese Duitse Arbeidersparty (NSDAP). Hy maak ook tydens die geleentheid die vyf en twintig punte van die NSDAP bekend.[42] Teen einde 1920 was Hitler reeds die dominante faktor in die NSDAP en na 9 November 1923 die absolute leier daarvan.[43]

Sover dit die idee van arbeidsdiens betref, het die vyf-en-twintigpuntplan van die NSDAP nie 'n arbeidsdiens in die vooruitsig gestel nie. Dit was Hierl se toenadering tot die NSDAP, wat die idee van 'n Nasionaal-Sosialistiese arbeidsdiens op die voorgrond gebring het.

Buitengewone groei van die NSDAP tussen 1923 en 1932 is verhoed deur die verbetering van die Duitse ekonomie. Teen die einde van 1932 was die aantal werkloses egter reeds 5 772 984, en die lidmaatskaptal van die NSDAP het met 1 414 975 vermeerder. Die algemene mening was dat slegs die "Hitlerbeweging" die Kommunisme

---

41 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ......., p. 63.

42 E. Kern, *Adolf Hitler und seine Bewegung* (Allendorf, K.W. Schütz, 1970), p. 63

43 C. Hamilton, *Leaders and personalities of the Third Reich*....., p. 220.

in Duitsland kan stuit.[44] Op 31 Januarie 1933 om 11:15 het die Duitse president, veldmaarskalk Paul von Hindenburg, Hitler tot kanselier van die een en twintigste kabinet van die Weimarregering verklaar.[45]

Hierl se keuse van die NSDAP was nie sonder huiwering nie, want hy skryf self dat hy sekere voorbehoude gehad het: ". . . . Ek het my bedenkinge oor my toetrede tot die party oorwin, omdat ek gemeen het dat die dinge wat my nie geval nie, onvermydelike verbygaande verskynings van 'n diepgewortelde volksbeweging was en omdat ek in Hitler die regte leier vir die volksbeweging gesien het".[46]

Hierl het beoog om deur die arbeidsdiens 'n beweging te skep wat die volk sou kon opvoed en wat los moes staan van die partypolitiek en van die destydse konserwatisme.[47]

Alhoewel Broszat [48] die bewering maak dat Hierl later van die RAD 'n Nasionaal-Sosialistiese organisasie sou maak en Hierl [49] self meen dat die nasionaal-sosialistiese

---

44 E. Kern, *Adolf Hitler und seine Bewegung*, pp. 348 - 353.

45 E. Kern, *Adolf Hitler und seine Bewegung*, p. 367. Met die woord Weimarregering word daar verwys na die Duitse parlementêre demokrasie tussen 11 November 1918 en 30 Januarie 1933.

46 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 63. (Aanhaling vertaal uit Duits).

47 Vgl. K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 78.

48 M. Broszat, *The Hitler state: The foundation and development of the internal structure of the Third Reich* (Essex, Longman, 1981), p. 267.

49 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p.64.

beklemtoning van bloed en bodem en Duitse eergevoel, met sy eie beskouing ooreenstem, wou Hierl altyd nog die RAD los van die politiek hê.[50]

Hierl was nie net besorg daaroor om werkloosheid te bekamp nie, maar het beoog dat die RAD 'n soort volkskool moes wees. Opvoeding en opvoedkunde moes dus die basis van die toekomstige RAD wees.[51] Veral ten opsigte van die NSDAP was Hierl van mening dat dit nie die soort arbeid is wat 'n bepalende rol speel nie, maar dat dit in werklikheid die gesindheid is waarmee arbeid verrig word, wat waardigheid aan die arbeider verleen.[52]

In 1930 het Hierl sy opvatting oor die arbeidsdiens aan Hitler voorgelê.[53] Daarin het hy nadruk gelê op verpligte jeugarbeidsdiens wat veel meer behels as 'n blote uitweg met betrekking tot werkloosheid of selfs as 'n plaasvervanger vir die diensplig, wat deur die Verdrag van Versailles verbied is.[54] In die opvoedingsproses moes die arbeidsdiens eerder 'n skakel tussen skool en weermag wees.

Die latere RAD sou daadwerklike pogings aanwend om die Duitse jeug op te voed selfs om die jeug in 'n bepaalde ideologie te laat opgroei. Nêrens bestaan daar enige bewyse dat die RAD in enige gruweldade betrokke was nie. Hierl is wel by die

[50] Hierl wou d.m.v. die Arbeidsdiens die positiewe Duitse waardes uitbou. Kyk ook p. 24 hieronder.

[51] Vgl. K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland...*, p. 85. Kyk ook p. 25 hieronder.

[52] K. Hierl, *Gedanken hinter Stacheldraht...*, p. 87.

[53] W. Mallebrein, *Männer und Maiden ...*, p. 20.

[54] Hierl, *Im Dienst für Deutschland ...*, p. 69.

Neurenberg verhore as 'n sogenaamde oorlogsmisdadiger tot vyf jaar swaar arbeid gevonnis, maar is kort daarna vrygelaat.[55]

Hitler se aanvaarding van die voorlegging van Hierl kan beskou word as die geboorte van die RAD. Hierl kon dus op grond van Hitler se positiewe gesindheid ten opsigte van sy voorlegging, voortgaan met die beplanning van 'n toekomstige Arbeidsdiens.[56]

Hitler se positiewe gesindheid ten opsigte van Hierl se idee van die Arbeidsdiens spruit uit sy eie gesindheid oor arbeid. In *Mein Kampf* het hy met idees oor arbeid vorendag gekom wat baie ooreengestem het met Hierl se eie idees.

Hitler skryf byvoorbeeld dat die (destydse) tydsgees neersien op handearbeid. Hy meen ook dat arbeid nie net 'n materialistiese waarde het nie, maar ook 'n idealistiese waarde. Hy is egter van mening dat die mens slegs binne 'n bepaalde raamwerk van 'n kultuurgemeenskap opgevoed en veredel kan word, maar dat dit slegs binne staatsverband bereik kan word. Die mens se waarde moet ook nie op grond van individuele prestasie bepaal word nie, maar volgens die wyse waarop hy sy verpligtinge aan die volk vervul.[57]

---

55 Vgl. Ook C. Hamilton, *Leaders and Personalities of the Third Reich* ..., p. 343. Kyk ook p. 12 hierbo.

56 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 20.

57 A. Hitler, *Mein Kampf*: Zweiter Band (München, Franz Eher, 1925), p. 484.

Die visie wat Hierl vir die arbeidsdiens gehad het, was bo en behalwe volksopvoeding ook om 'n middel vir die staat te skep waarmee gemeenskapswerke op groot skaal uitgevoer kon word.[58]

Die arbeidsdiens moes terselfdertyd ook'n organisasie wees, waar die arbeid van die verstand en hande saamgesnoer word. Hierl was van mening dat arbeid die edelste loon op sigself dra, op grond van die innerlike bevrediging en die opregte arbeidsvreugde daarvan.[59]

Alhoewel Hierl die arbeidsdiens graag heeltemal los van die politiek en dus eintlik ook van die NSDAP wou sien, het hy nogtans probeer om mense uit die geledere van die NSDAP te werf om te help met die beplanning van 'n arbeidsdiens.[60] Vir hierdie taak het hy in elk geval die steun van die NSDAP gehad.[61]

Nog 'n mylpaal in die ontwikkeling van die arbeidsdiens was toe daar besluit is om tog binne die raamwerk van die party met 'n sogenaamde vrywillige arbeidsdiens te

---

58 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 70. Vgl. ook W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ...., pp. 14 - 20

59 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 70. Vgl. ook K. Hierl, *Gedanken hinter Stacheldraht* ..., pp. 92 - 93.

60 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 20. Kyk ook p. 16 hierbo.

61 Sonder die steun van die NSDAP as sterkste politieke party is dit moeilik voorstelbaar dat Hierl ooit sy idees sou kon verwesenlik. Kyk ook pp. 21 - 22 hieronder.

begin.[62] Hierl was veral daarteen gekant om 'n bond of ooreenkoms met bestaande arbeidsorganisasies, wat na sy mening te maklik en orals ontstaan het, te sluit.[63] So 'n situasie sou ook vir die Nasionaal-Sosialisme 'n gevaar ingehou het, want verskillende idees sou teenstellend met mekaar wees, asook met die gedagte van een volk, een ryk, en een leier. 'n Verskeidenheid idees het ook gebots met Hierl se eie voorstelling van die arbeidsdiens. Om sy eie idees te laat slaag, kon daar nie kompromieë met ander arbeidsorganisasies aangegaan word nie.

Verder het die materiële en maatskaplike nood teen 1931 feitlik katastrofaal geword, sodat die Weimarregering noodgedwonge moes ingryp deur 'n wet op die instelling van die arbeidsdiens deur middel van die Ryksinstituut vir arbeidsbemiddeling en werkloosheidsondersteuning deur te voer.[64] Hierdeur is die arbeidsdiens dus vanuit staatsweë beskou as 'n goeie manier om werkloosheid te bekamp.[65]

Die onmiddellike voordeel daarvan is deur die NSDAP ingesien. Gevolglik is daar binne die raamwerk van die bestaande "vrywillige arbeidsdiens" neutrale arbeidslaers opgerig waarheen die NSDAP jeugdige vrywilligers gestuur het.[66]

---

62 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 71.

63 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 70. Vgl. ook Mallebrein, *Männer und Maiden*..., p. 21.

64 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 20.

65 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 71.

66 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 71.

Die eerste sogenaamde proef-arbeidslaer is by Hammerstein in Pommere opgerig.[67] Die waarde van sulke proef-arbeidslaers het daarin gelê dat daar nie net met metode en tegniek in verskillende vakrigtings nie, maar ook met opleidingsmetodes geëksperimenteer kon word, sodat die groeipyne van die uiteindelike RAD grootliks uitgeskakel kon word.

In die verloop van 1931 was Hierl dan ook in staat daartoe om 'n visie van die toekomstige Arbeidsdiens te gee.[68] Onmiddellik hierna is Hierl ook deur Hitler gevra om hom van enige ander partyhoedanigheid los te maak. Terselfdertyd is hy ook deur Hitler aangestel as "gevolmagtigde van die leier van die NSDAP vir die Arbeidsdiens".[69]

Aangesien die Weimarregering die gedagte van vrywillige arbeidsdiens bevorder het en omdat die nood in laasgenoemde by die dag groter geword het, tesame met die feit dat die NSDAP as grootste party amptelik daarby betrokke geraak het, het al meer arbeidslaers verskyn. Etlike Duitse provinsies, onder andere Anhalt-Dessau, Thüringen, Sakse en Oldenburg, het ook te kenne gegee dat hulle simpatiek teenoor hierdie gedagte was.[70]

---

67 W. Mallebrein. *Männer und Maiden* ..., p. 20.

68 E. Kern, *Adolf Hitler und das Dritte Reich* (Allendorf, K. W. Schütz, 1971), p. 69.

69 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 72.

70 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 72.

Hierl kon egter geensins verwag dat sy idees in die destydse parlementêre demokrasie van die Weimar-republiek 'n werklikheid kon word nie. Hier moet in gedagte gehou word dat die Weimar-republiek gefunksioneer het volgens die riglyne van die Verdrag van Versailles. Daarbenewens het die Weimarregering geen ideologie wat rigting-gewend vir die volk was, vooropgestel nie. Die vrywillige arbeidsdiens van die NSDAP kon nie werklik groei nie, omdat dié organisasie nog nie aan die bewind was nie en dus nie vanuit 'n magsposisie sy stempel op die arbeidsdiens kon afdruk nie.[71]

Die feit dat Hierl egter in 1930 verkies is tot lid van die Reichstag (die Duitse parlement), kon wel in 'n sekere mate daartoe bydra dat hy die geleentheid sou hê om die arbeidsdiensgedagte te bevorder, alhoewel hy gemeen het dat die aktiwiteite van die Reichstag slegs uit propaganda-toesprake bestaan het.[72]

Hierl was verras toe Hitler op 30 Januarie 1933 deur Veldmaarskalk Paul von Hindenburg gevra is om kanselier te word.[73] Met Hitler as kanselier was die skepping van die uiteindelike RAD in sig. Dit was egter vir Hierl 'n groot teleurstelling om te verneem dat Franz Seldte as Ryksarbeidsminister aangestel is terwyl Hierl slegs die sekretaris van die Arbeidsdiens geword het.[74] Hierdie verloop van gebeure was

---

[71] K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 72.

[72] K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 74.

[73] K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 74. Kyk p. 13 hierbo.

[74] Kyk p. 24 hieronder.

nogtans 'n beslissende stap op pad na die stigting van die RAD, want sonder 'n funksie in die staatsmeganisme, sou Hierl moeilik sy idees en ideale kon verwerklik.[75] Hierdie idees van Hierl kan so saamgevat word, dat hy 'n positiewe houding ten opsigte van arbeid binne een beweging wou sien. Hierdie positiewe gesindheid wat by die individu gekweek sou word, moes uiteindelik in die totale staat deurwerk.

Tot dusver is daar aangetoon hoedat die arbeidsdiensgedagte al meer deel geword het van die filosofie van die NSDAP. Die rede daarvoor was die persoonlike betrokkenheid van Hierl by die NSDAP. In die vormende fase van dié beweging voor 1933, het individue soos Hierl hulle invloed laat geld, omdat elkeen sy eie siening van die Nasionaal-Sosialisme gehad het.[76]

### 3.2 Die struktuur van die RAD

Alhoewel die benaming "Reichsarbeitsdienst" eers later in die geskiedenis van die Derde Ryk amptelik sou word, kan die struktuur van die RAD in oënskou geneem word vanaf die moment dat Hitler die mag op 30 Januarie 1933 oorgeneem het.[77] Sedert daardie datum kon die NSDAP sy idees amptelik op die proef stel.

---

[75] W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 21.

[76] E. Kern, *Adolf Hitler und seine Bewegung*, p. 346. Kyk ook p. 28 hieronder.

[77] E. Kern, *Adolf Hitler und seine Bewegung*, p. 353.

Hitler se positiewe gesindheid ten opsigte van arbeid, het daartoe gelei dat Hitler die Arbeidsdiens sou verwelkom. Hitler se standpunt in *Mein Kampf* dat dit 'n groter eer moes wees om 'n straatveër te wees as om die koning van 'n vreemde staat te wees, maak dit duidelik dat 'n instelling wat arbeid tot prioriteit verhef verwelkom sou word in Nasionaal-Sosialistiese Duitsland.[78]

Uit Hitler se oproep aan die Duitse volk op 1 Februarie 1933 was dit reeds duidelik dat die georganiseerde arbeidsdiens in die toekoms van die Derde Ryk 'n belangrike plek sou inneem. Hy het onder andere gesê "Tot die grondpilare van ons program behoort die idee van arbeidsplig". [79] Die idee van arbeidsdiens was egter nie deel van die 25 punte van die program van die NSDAP nie. [80]

Alhoewel Hierl se aanstelling as sekretaris van die Arbeidsdiens hom in 'n onderhorige posisie ten opsigte van Franz Seldte geplaas het, het hy tog ruimte en geleentheid gehad om sy eie idees stelselmatig te implementeer.

Die rede hoekom Hierl se verhouding met Seldte problematies was, was omdat Seldte volgens Hierl [81] van die vrywillige arbeidsdiens 'n soort militêre organisasie wou

78. A. Hitler, *Mein Kampf*, p. 491.

79 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 74. (Aanhaling vertaal uit Duits ).

80 Vgl. G. Feder, *Das Program der NSDAP* (München, Franz Eher, 1927). Kyk ook p. 14 hierbo.

81 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 74.

maak.[82] Hierl was teen die gedagte om van die arbeidsdiens 'n militêre organisasie te maak gekant, omdat hy gemeen het dat die ware sin van die Arbeidsdiens ondergrawe sou word. Sy eie siening van die sin en vergestalting van 'n Jeugarbeidsdiens word saamgevat in die volgende grondbeginsels:[83]

1. Die arbeidsdiens van die jeug sou 'n opvoedingsinrigting wees. Dit sou as sosiale skool van die volk die jeug tot die regte gemeenskapsgees en tot die regte arbeids-opvatting opvoed.

2. Die opvoeding tot die regte gemeenskapgees vereis dat die arbeidsdiens 'n buite-partye en buite-kerklike, suiwer staatsinrigting moet wees.

3. Die Arbeidsdiens kon sy roeping om sosiale skool van die hele volk te wees, slegs vervul as die algemene diensplig wetlik ingevoer en sonder uitsondering deurgevoer word. Die volk moes dus deur onder andere die Arbeidsdiens in die Nasionaal-Sosialisme opgevoed word. Deur middel van vrywillige Arbeidsdiens kon hierdie doel nie bereik word nie. Juis diegene wat die sosiale opvoeding die meeste nodig het, kon dit nie geniet nie. Vrywillige arbeidsdiens kan daarom slegs 'n voorfase en voorbereiding wees om van die jong Duitsers nuttige burgers te maak.

---

82 Seldte was ook stigter van die Stahlhelm, 'n militante oudsoldate-organisasie. In 1934 het hy ook hoof geword van die Nationalsozialistischer Deutsche Frontkämpferbund (NSDFB) wat alle veteranegroepe ingesluit het. Hy was ook van 1933 tot 1945 Minister van Arbeid. Vgl. C. Hamilton, *Leaders and Personalities of the Third Reich*..., p. 343.

83 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p.21.

4. Die arbeidsdiensplig moet ook die vroulike jeug betrek. Arbeidsdiens slegs vir die manlike jeug sou net so sinloos wees as algemene skoolplig slegs vir seuns.

5. Die Arbeidsdiens mag onder geen omstandighede die stempel van onwaardige dwangarbeid dra nie. Dit moet 'n diens van eer deur die jeug aan die volk wees. Organisasie, aanwending, diensbedryf, die hele opset moet van sodanige aard wees.

6. Die Arbeidsdiens mag nie net 'n opvoedingsinrigting wees nie, maar moet ook 'n produktiewe inrigting wees. Dit moet aan die staatsleiding 'n waardevolle instrument in die hand gee ter deurvoering van groter arbeidsopdragte, wat hom na die aard van die jeug inrig, iets wat nie doeltreffend deur ander arbeidsdiensorganisasies bewerkstellig kan word nie.[84]

In sy hoedanigheid as sekretaris van die arbeidsdiens kon Hierl voortgaan om die vrywillige arbeidsdiens in 'n suiwer staatsorganisasie te verander.[85] Om dus die chaos in die verskillende arbeidsorganisasies te orden is die "vereniging" van die Duitse arbeidsverenigings" gestig.[86] Hierl het ook voorsitter geword van die "afgevaardigdes

[84] Vgl. ook K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 76.

[85] W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 21. Vgl. ook K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 76.

[86] K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 76.

van die leier van die NSDAP vir die Arbeidsdiens".[87] Hierdie stap het Hierl de facto in beheer van die hele Arbeidsdiens geplaas.

Hierl het die Stahlhelm uit die arbeidsdiens probeer hou. Dit het hy gedoen in die "Gauvereine", dit wil sê die arbeidslaers van alle organisasies met uitsondering van dié wat van die Stahlhelm ingelyf is.[88] Hierl wou nie dat die Stahlhelm enigsins met die Arbeidsdiens in aanraking moes kom nie, omdat die gevaar bestaan het dat die Stahlhelm die Arbeidsdiens in 'n gekamoefleerde lëer kon verander.[89]

In 'n toespraak oor die arbeidsdiens in Mei 1933, sê Hierl onder andere "Kortsigtiges sien in die arbeidsdiens slegs 'n verbygaande uitweg in die stryd teen die tydseuwel: werkloosheid. Arbeidsdiens beteken veel meer. Die idee van arbeidsdiensplig is wel die kenmerkendste uitdrukking van die gees van 'n nuwe tyd, die toekoms van 'n beweging, wat in sy wil, sy opvatting van die sin van die arbeid en sy bodemverbondenheid, in sterk teenstelling staan tot die gees van die neertrekkende liberalistiese tyd, waarop al meer die gees van die Jodedom afgedruk is ...... Ons wil die woord arbeider tot eretitel vir elke Duitser maak, daarom moet elke Duitser 'n bepaalde tyd van sy lewe as handearbeider diens doen vir sy volk.. Die materialistiese handelaarsgees van die liberalistiese era sien alles as "ware", ook die werkende mens

---

87 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 22. Kyk ook p. 29 hieronder.

88 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 76.

89 Vgl. C. Hamilton, *Leaders and personalities of the Third Reich* ..., p. 343.

en die arbeidsbodem. Vir ons is die werkende mens die kroon van die skepping en die tuisgrond is vir ons iets heilig, dit is ons vaderland."[90]

Hierdie idees en veral die toepassing en uitvoering daarvan na Hitler se bewinds-oorname, het inderdaad respek by die volksmassa afgedwing, selfs by teenstaanders van die NSDAP.[91]

By die inlywing van die verskeie onafhanklike arbeidsdiensorganisasies in die Vrywillige Arbeidsdiens (VAD) is verdraagsaamheid vereis en waar moontlik slegs bruikbare idees en leiers benut.[92]

By die uitvoering van diens was karakter en prestasie bepalend en partylidmaatskap is nie in ag geneem nie.[93] Hierl het dit as volg uitgedruk: "Ons kyk nie na die baadjie wat iemand tot nou toe nog gedra het nie, maar deur die baadjie op die hart!"[94] Dit was dus belangrik dat daar in die nuwe beweging 'n positiewe gees moes heers.

Nog 'n mylpaal in die aanloop tot die skepping van die uiteindelike RAD was dat daar teen Augustus 1933 reeds nege en twintig "Arbeidsgauleitungen" ingerig was.[95]

---

90 E. Kern, *Adolf Hitler und das Dritte Reich*, p. 69. (Aanhaling vertaal uit Duits ).

91 Vgl. E. Kern, *Adolf Hitler und das Dritte Reich*, p. 69.

92 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 76.

93 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 78.

94 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 22. (Aanhaling vertaal uit Duits ).

95 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 22.

Teen die herfs van 1934 was daar reeds eenduisend tweehonderd arbeidslaers opgerig.[96]

Reeds in die begin 1934 het die VAD in sy boonste rangstruktuur bekend gestaan as die "Nasionaal-Sosialistiese Arbeidsdiens" (NSAD). Om die NSAD behoorlik te laat funksioneer, is leë kasernes, ou kastele en selfs stalle as wooneenhede ingerig.[97]

Vir die soort taak wat in die NSAD verrig sou word, was dit ook nodig om 'n bepaalde leierselement te kweek - dit sou slegs deur behoorlike skoling en opvoeding kon geskied.[98]

Daarom moes elke aspirant-arbeidsoffisier eers op die laagste vlak van arbeid sy loopbaan begin. Geen tradisionele tipiese militêre leiers moes gekweek word nie. Daar is dus weggedoen met die idee van die Pruisiese leëroffisier. In die plek hiervan moes eerder 'n leierstipe gekweek word wat die elemente van 'n onderwyser, kameraad en goed ingeligte politieke leier sou kombineer. Sover dit die RAD-dienspligtiges betref, moes aan elke RAD-lid die geleentheid gebied word om sy persoonlikheid vry te kan ontwikkel. In die arbeidsdiens was dit ook verpligtend vir 'n arbeider om 'n klag te lê wanneer 'n meerdere nie aan die reëls gehou het nie.[99]

---

96 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 81.

97 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 77.

98 Vgl. K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 79.

99 W. Steffens, onderhoud, 26 Des 1992.

Die dualisme, nie net in die poste wat hulle beklee het nie, maar ook wat betref die verskille en uiteenlopende idees van Hierl en Seldte, het in 'n feitlik onuithoudbare situasie ontwikkel.[100] Verder het Hierl ook teenstanders gehad en was daar intriges om sy voorstelling van die arbeidsdiens te kelder.[101]

Dit was waarskynlik die rede waarom hy op 19 Februarie 1934 die leiersfigure van die Ryksleiding van die VAD by die Wartburg-kasteel byeengeroep het, waar hulle dan ook oorweldigend hulle vertroue in hom bevestig het.

Tydens hierdie geleentheid het Hierl die leuse "Trou, gehoorsaamheid en kameraadskap" verkondig.[102]

Hierdie saamtrek op die Wartburg-kasteel het daartoe gelei dat die Arbeidsdiens al meer in'n soort orde begin ontwikkel het.[103] Hierdie feit word gedemonstreer deur die saamtrekke en parades van die Arbeidsdiens. In die klassieke Nasionaal-Sosialistiese film, *Triumph des Willens*, van 1934 word ook aandag aan die Arbeidsdiens gewy.[104] Dit is veral die erns en plegtigheid daarvan wat opval in die gedeelte wat oor die Arbeidsdiens handel. Daar kan ook gesien word hoe die Arbeidsdiensmanne hulle grawe soos gewere hanteer en hoe daar in 'n koor saam gesê word: "Ons staan hier.

---

100 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 22.

101 Kyk p. 24 hierbo.

102 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 80.

103 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 22.

104 Vgl. L. Riefenstall. Film, *Triumph des Willens*, 1934.

Ons is gereed". Nadat daar appél gehou is, sê almal weer saam: "Een volk, een ryk, een leier. Ons plant bome. Ons bou strate. Ons gee aan die boere nuwe akkers. Vir Duitsland." Tydens die geleentheid het Hitler onder andere ook gesê: ". . . aarde en arbeid verenig ons almal. Die hele volk moet deur julle skool gaan. Duitsland is gelukkig om sy seuns te sien marsjeer."[105]

Op 29 Junie 1934 is Hierl uiteindelik aangestel as Rykskommisaris vir die Arbeidsdiens. Hierdeur was hy direk verantwoordelik aan die minister van binnelandse sake, wat hom prakties 'n vrye hand gegee het.[106] Dit het egter nie beteken dat Hierl in alle opsigte ongehinderd sy gang kon gaan nie. Daar was veral vanuit drie oorde vrese dat die Arbeidsdiens ongevraagde kompetisie sou wees. Die arbeiders in die nywerhede het gevrees dat die Arbeidsdiens lone sou vaspen en ook ondernemingsgees kon benadeel. Die ondernemers het weer die Arbeidsdiens as 'n lastige konkurrent beskou, terwyl die boere gemeen het hulle kinders reeds handearbeid ken en dat hulle die Arbeidsdiens dus nie nodig het nie.[107]

In antwoord hierop het Hierl uitdruklik daarop gewys dat jeugdiges nie vir 'n bepaalde beroep in die Arbeidsdiens opgelei sou word nie. Volgens hom was daar nie soortgelyke opvoedingsmiddels soos die gesamentlike arbeid nie, omdat selfbeheersing en kameraadskap daardeur gekweek kon word. Terselfdertyd sou gesonde arbeid in die

---

105 E. W. W. Fowler, *Nazi regalia* (London, Bison, 1992), p. 55. (Aanhaling uit die Engelse bron vertaal). Vgl. ook die film *Triumph des Willens*.

106 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 81.

107 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 24.

vars lug, liggaamsopvoeding, en die aankweek van gesonde eetgewoontes, vir jongmense tot voordeel wees.[108]

Eers op 26 Junie 1935 is die wet op algemene arbeidsdiensplig deurgevoer, iets waarop Hierl lank reeds voor gehoop het.[109] Hierdie stap het nie net amptelik aan die RAD beslag gegee nie, maar was in alle opsigte uniek en rewolusionêr.[110] Daardeur is elke Duitse jongman verplig om vir ses maande in die RAD te dien. Dit is later ook ten opsigte van meisies uitgebrei. Die Abeidsdiens in Duitsland kon dus volksopvoeding tot prioriteit verhef.[111]

In die organisasiehandboek van die NSDAP word die take van die RAD soos volg omskryf:

- Die RAD het 'n opvoedings-, sowel as 'n ekonomiese taak gehad. Die opvoeding het plaasgevind op soldatewyse. Die RAD moes 'n Nasionaal-Sosialistiese siening ten opsigte van arbeid in die gemeenskap skep. In die RAD is daar gewerk sonder betaling, want die betekenis van arbeid lê nie in lone nie, maar in gees. Arbeid is dus eer.[112]

---

108 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 88.

109 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 88. Vgl. ook C. Hamilton, *Leaders and Personalities of the Third Reich* ..., p. 227.

110 Vgl. ook H. J. Evert, *Aus deutscher Sicht* ..., p. 110.

111 Vgl. D. Dietrich, "Der Führer und das deutsche Volk", *Adolf Hitler* (Hamburg, 1935), p. 19.

112 J. L. Collins (ed.), "Organisationbuch der NSDAP 1936", *The Marshall Cavendish illustrated encyclopaedia of World War II*, vol. 24, 1972, p.3347.

Volgens Hierl: " bekom arbeid sy eie sin in die menslike lewe deur lewensopvatting. Skeppende arbeid is die uitstraling van die goddelike skeppingswil, dit is dus 'n diens aan God".[113]

Gevolglik word die waarde van arbeid deur gesindheid bepaal. Die hoofkaraktertrekke van die RAD was die gedagte van die arbeidsoldaat, nabyheid aan die grond en 'n Nasionaal-Sosialistiese siening van die arbeid en van gemeenskapsgees.

Die Wet op Arbeidsdiensplig het ook bepaal dat die party nie die reg sou hê om in die RAD in te meng nie, soos blyk uit paragraaf sewentien van die Wet op algemene Arbeidsdiensplig: "Lede van die RAD wat ook lidmaatskap van die party besit, mag hulle nie as lede van die party in die RAD laat geld nie".[114]

Daar moet in gedagte gehou word, dat daar ook in die destydse Duitsland 'n veelheid van menings bestaan het. In die NSDAP was daar ook die "Sturmabteilung" (SA) wat onder leiding van Ernst Röhm 'n "bruin rewolusie", m.a.w. 'n Nasionaal-Sosialistiese rewolusie met 'n sosialistiese inslag, nagestreef het.[115]

Daar is reeds daarna verwys dat Hierl 'n sekere leierstipe vir die arbeidsdiens wou kweek. Daarom kon daar ook nie uit die staanspoor geesdriftiges as leiers aangestel

---

113 Vgl. K. Hierl, *Gedanken hinter Stacheldraht* ..., p. 86. (Aanhaling vertaal uit Duits).

114 H.J. Evert, *Aus deutscher Sicht* ..., p. 86. (Aanhaling vertaal uit Duits).

115 Vgl. C. Hamilton, *Leaders and Personalities of the Third Reich* ....., p. 342. Kyk ook p. 19 hierbo.

word nie, omdat begeestering op sigself nie genoeg was om die RAD op te bou nie.[116] Gevolglik is daar eerstens probeer om geskikte persone wat in die Eerste Wêreld-oorlog diens verrig het, uit te soek.[117]

Deur sistematiese opleiding en opvoeding moes dus 'n nuwe leierstipe gekweek word, waarvoor daar nóg in die weermag nóg in enige ander organisasie 'n voorbeeld sou wees.[118] Hierdie nuwe leierstipe sou sy ontstaan moes vind uit die samestelling van die eienskappe van die boeredom, die arbeiderdom, die soldatedom en die elemente van die jeugbeweging.[119]

'n Bydraende faktor tot die uiteindelike sukses van die RAD was dat daar 'n sentrale beplanningskantoor, gelei deur deskundiges, bestaan het. Alhoewel die RAD nie primêr 'n winsgerigte maatskappy was nie, was sy einddoel die skepping van die moontlikheid vir die Duitse volk om homself te voed. 'n Aanhaling van Frederik die Grote sou hier passend wees: "Wie dit kan bewerk dat waar daar tot nou toe nog, net een halm gegroei het, twee groei, het meer gedoen as 'n veldheer wat 'n veldslag gewen het."[120] Dit sou ook gepas wees om na die opvoedingsdoelwitte van die RAD tydens 'n dienspligtydperk te verwys. Vir Hierl was die opvoedingsgedagte allesomvattend, daarom meen hy dat as dié gedagte uit die Arbeidsdiens sou verdwyn, laasgenoemde

---

116 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 25. Kyk ook p. 28 hierbo.

117 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 82.

118 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p.25.

119 H. J. Evert, *Aus deutscher Sicht* ..., p. 108.

120 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 28. (Aanhaling vertaal uit Duits).

van sy siel beroof sou word: "Deurdat die mens sy hele persoonlikheid aan die arbeid gee, kry die wese van arbeid ook 'n besondere stempel."[121] Die doel van liggaamsopvoeding was die omvattende liggaamlike- en karaktervorming van die arbeidsmanne.[122]

Die beeld wat die RAD uitgedra het, kon inderdaad die indruk skep dat die RAD 'n soldate-organisasie was.[123] Die hele idee was juis dat die arbeidsman 'n soldaat van die arbeid moes wees.[124]

Die destydse Suid-Afrikaanse tydskrif *Wapenskou* het soos volg berig: "As 'n Duitser met 'n graaf loop dan hanteer hy dit soos 'n geweer."[125] Dit moes net so 'n groot eer wees om arbeider te wees as wat dit was om soldaat te wees. Hierl was van mening dat arbeid die tweelingsuster van stryd is.[126]

Die hele bedoeling was egter dat die RAD 'n arbeidsdiens van die eersteklas en nie 'n tweedeklas militêre organisasie moes wees nie. Dit wil egter blyk asof dit nie altyd moontlik was om Pruisiese militarisme heeltemal uit te roei nie.[127] Daar is wel

---

121 K. Hierl, *Gedanken hinter Stacheldraht* ..., p. 88. (Aanhaling vertaal uit Duits).

122 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 32.

123 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 93.

124 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p.32.

125 Anon., "Geestestrominge in die Dietse lande", *Wapenskou*, Jg. 2, nr. 3, p 5. Vgl. ook E. W. W. Fowler, *Nazi regalia*, p. 55.

126 K. Hierl, *Gedanken hinter Stacheldraht* ..., p. 87.

127 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 93. Kyk ook p. 28 hierbo.

gemarsjeer in die RAD, hoofsaaklik om 'n samehorigheidsgevoel en korpsgees te skep,[128] maar dit was egter heeltemal verbode om driloefeninge as straf toe te pas.[129] Waar daar wel gestraf moes word, het die beginsel gegeld dat die aanwending van straf 'n opvoedingsmiddel was om foute en swakhede te verbeter.[130]

Die andersoortige opset van die RAD het dié organisasie nie geskik gemaak as 'n voorbereidende organisasie vir die militêre diensplig nie, omdat Hierl juis dit met alle middele wou vermy,[131] maar ook omdat opleiding in wapens en oorlogstegnieke binne die RAD verbode was.[132]

### 3.3 Die aktiwiteite van die RAD

In die partyhandboek van die NSDAP word 'n beknopte beskrywing van die RAD gegee en word dit beklemtoon dat die RAD 'n opvoedings- sowel as 'n ekonomiese taak sou hê.[133] Dit was veral die RAD se betrokkenheid by projekte en skemas wat hom ook 'n ekonomiese rol laat speel het. Alhoewel die RAD toekomsgerig was

128 Vgl. film *Triumph des Willens*.

129 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 32.

130 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 83.

131 Kyk ook p. 26 hierbo.

132 H. J. Evert, *Aus deutscher Sicht* ..., p. 110.

133 Kyk p. 31 hierbo.

en wou verseker dat Duitsland in staat moes wees om homself te voed, was die RAD egter geen koopmansorganisasie nie.[134]

Die belangrikste aktiwiteite waaronder ook die belangrikste projekte van die RAD, word hieronder kortliks bespreek.

Die eerste terrein waarop die RAD presteer het, was die landbou. Dit was juis die landbousektor wat swaar deur die groot depressie van 1929 getref is. Hierdie sektor was letterlik besig om te verbrokkel. Omdat al meer mense van die plase na die stede beweeg het, het 'n ernstige voedseltekort die Duitse volk in die gesig gestaar.

Hoe erg hierdie krisis in die landbou was, blyk uit die volgende gegewens: In die landbousektor was daar 322 000 werkloses. Dit het meer as 30 000 gesinne verteenwoordig wat reeds hulle plase verlaat het. Die skuld vir die landbousektor alleen het ongeveer RM 13 000 000 000 (Ryksmark) beloop.[135]

Die minister van landbou, Walter Darré, het egter wel pogings aangewend om die mense op hulle plase te probeer hou.[136] Natuurlik kon slegs die magsoorname van Hitler vir die idees van Hierl bevorderlik wees.

Daar word vervolgens kortliks gefokus op die projekte waarby die RAD betrokke was. In die tyd tussen 1933 en 1942 is ongeveer 200 miljoen loondagwerke aan landbou

134 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 87.

135 Illustrierte Beobachter, *Das Deutschland Adolf Hitlers* (München, Franz Eher, 1937), p. 90.

136 G. Constable (ed.), *The new order*, p.166.

gespandeer, wat beteken het dat lewensmiddele vir nog 'n bykomende miljoen mense beskikbaar gestel is.[137] Wat sy betrokkenheid by die landbou betref, het die RAD dus sy invloed oor die hele Duitsland laat geld.

Ook sover dit die herwinning van grond betref, het die RAD groot prestasies gelewer.[138] Aan die weskus van Schleswig-Holstein is land herwin wat vandag nog 'n bloeiende landskap is.[139] Een van die grootste projekte van die RAD was die herwinning van die Sprottebruch in Benede-Silesië.[140] Die gevolg van die projek was dat nuwe grond vir eenhonderd ses en vyftig plase geskep is. In die provinsie Brandenburg het vyftien RAD-afdelings gewerk om 60 000 hektaar grond in bruikbare landbougrond te omskep.[141] In Noord-Duitsland is ook groot gedeeltes land drooggelê.[142]

Die grootste werk sover dit grondherwinning betref, was in die Emsland. Dit het bestaan uit 'n moeraslandskap van meer as 100 000 hektaar wat bewerk moes word. Vir die Duitsers was die stuk land 'n gevoelige kwessie omdat die grond aan die Nederlandse kant reeds omskep was in hoogsbewerkte akker en weilandskap.

---

137 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 30.

138 Illustrierte Beobachter, *Das Deutschland Adolf Hitlers*, p. 41.

139 Tydens die skrywer se besoek aan dié gebied in Julie 1993 was die spore van die werk van die RAD steeds sigbaar en wil dit voorkom asof daar nog met landherwinning voortgegaan word.

140 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 100.

141 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 30.

142 F. Meinecke, *Grabeneinsatz im Moor*, p. 10.

Ongelukkig moes die werk in 1938 onderbreek word omdat daar met die bou van die Weswal begin is. Die Weswal was 'n verdedigingslinie bestaande uit anti-tenk-versperrings en ander verdedigingsmeganismes aan die Duitse wesgrens, wat gebou is deels as teenvoeter vir die Franse Maginot-linie.[143]

Die RAD het nie net land drooggelê nie, maar ook gehelp met take op die plase, soos byvoorbeeld om oeste betyds van die lande af te kry.[144] Dit sou egter verkeerd wees om tot die slotsom te wil kom dat die RAD alleen tot die herstel van die Duitse landbou bygedra het.

Deur die sogenaamde vierjaarplanne is die landbou as prioriteit aangepak. Die doelwit van die eerste vierjaarplan was om die Duitse arbeider en boer op te hef.[145] Die RAD het dus ook fisies 'n rol op die Duitse plase gespeel.[146]

Die bydrae van die RAD tot die landbou en ander sektore het sekerlik gehelp om 'n dreigende ekonomiese en maatskaplike krisis af te weer.[147] Die RAD het ongetwyfeld 'n besondere bydrae tot die Duitse landbou gemaak.[148]

---

143 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 102. Vgl. ook C. Hamilton, *Leaders and Personalities of the Third Reich*....., p. 355.

144 G. Constabel (ed.), *The new order*, p. 146.

145 P. C. Kindleberger, *The world in depression* ..., p. 238.

146 Illustrierte Beobachter, *Das Deutschland Adolf Hitlers*, p. 91.

147 Volk und Reich, *Deutschland - Olympia Jahr, 1936*, p. 38.

148 J. Ohquist, *Das Reich des Führers* (Bonn, Ludwig Rohrscheid, 1943), p. 13.

Die uitvaardiging van die Wet vir die Vermindering van Werkloosheid, op 1 Junie 1933, sou uiteraard ook die Arbeidsdiens raak.[149] Dié wet sou tot gevolg hê dat daar na 1934 'n vermindering in die toeloop van vrywilligers na die Arbeidsdiens was, hoofsaaklik omdat daar al meer werksgeleenthede in Duitsland geskep is.

Die verbeterde Duitse ekonomie het ook tot gevolg gehad dat meer geld beskikbaar was om veral die groot openbare werke van die Nasionaal-Sosialistiese regime aan te pak.[150] Alhoewel die RAD ook by die projekte betrokke was, was die oogmerk nie om bloot arbeiders te voorsien nie.

Enkele van die openbare werke en die moontlike rol van die RAD hier word vervolgens kortliks bespreek.

Sekerlik die allerbekendste van dié werke was die Autobahn (die snelweë wat sedert 1936 in Duitsland gebou is). Met die begin van die bou van die eerste snelweg, het Hitler onder andere gesê: "Ons stry tegelyk teen die swaarste nood en die diepste ongeluk wat oor Duitsland in die loop van die laaste vyftien jaar gekom het. Die vloek van werkloosheid, wat miljoene mense tot 'n onwaardige en onmoontlike lewenswyse verdoem, moet uitgewis word . . . ons is vasbeslote om hierdie nood uit te wis . . . So ek vra u dan: Gaan nou oor tot arbeid! Die bou moet vandag begin! Die werk neem sy begin! En voor meer jare verbygaan, sal reusewerk getuig van ons

149 E. Kern, *Adolf Hitler und das Dritte Reich*, p. 74.

150 R. Scholtz, *Architektur und Bildende Kunst 1933 - 1945* (Preussisch Oldendorf, K. W. Schultz, 1977), p. 40.

diens, ons vlyt, ons vermoë en ons vasberadenheid: Duitse arbeider aan die werk!"[151]

Ook die standpunt van Fritz Todt wat verantwoordelik was vir die bou van die Duitse snelweë: "Ons wil idealiste hê, en deur mobilisering van die Nasionaal-Sosialistiese strydgees, wil ons die dooie materialisme opruim", sluit aan by Hierl se eie oortuiging.[152]

Die bewering word selfs gemaak dat sonder die Autobahn, die opbouwerk in Duitsland na die Tweede Wêreldoorlog veel moeiliker sou geskied het.[153] Wat die Autobahn uniek gemaak het, was dat dit nie net kruisingvry was nie, maar dat dit ook by die landskap ingeskakel het.[154]

Teen Oktober 1934 was reeds 1 500 kilometer van die Autobahn voltooi. Aan hierdie afstand het 85 000 man gewerk.[155] Teen 1936 was reeds meer as 1 000 kilometer van die Autobahn rybaar. Dit moet in gedagte gehou word dat daar in 1934 nog slegs van vrywilligers in die Arbeidsdiens gebruik gemaak is en dat die RAD nog nie amptelik

---

151 Vgl. E. Kern, *Adolf Hitler und das Dritte Reich,* p. 79. (Aanhaling vertaal uit Duits).

152 O. Borst, "Ein Zeuge des Glaubens: Zur Wiederkehr des Todestages von Dr. Ing Todt am 8 Febr. 1942" *SS-Leitheft*, Jg. 4, nr 3, 1943, p. 6. (Aanhaling vertaal uit Duits).

153 R. Kosiek, "Dr. Fritz Todt", *Deutschland in Geschichte und Gegenwart*, Jg. 39, nr 3, p. 24.

154 H. Gieseler, *Ein anderer Hitler: Bericht seines Architekten Hermann Gieseler* (Assenhausen, Leitfaden, 1977),p. 199.

155 R. Kosiek, "Dr. Fritz Todt", p. 24.

bestaan het nie.[156] Fritz Todt was ook van mening dat die produktiewe prestasie van 'n mens altyd die gevolg van sy stryd om 'n ideaal is.[157]

Die groot projekte, waarvan die Autobahn dus 'n integrale deel was, het meegehelp om die ses miljoen werkloses van 1933 drasties te verminder.[158] Tussen 1933 en 1939 is daar ook 'n aantal brûe gebou, waarby die RAD betrokke was, wat getuig van uitmuntende ingenieursvernuf.[159] Enkele voorbeelde hiervan is die Admiraal Graf Spree brug by Duisburg en die Rügendambrug wat die eiland Stralsund aan Rügen verbind.[160] Daar is sedert 2 Mei 1934 ook begin met die bou van'n aantal studamme, waarby ook lede van die Arbeidsdiens betrokke was.[161]

Afgesien van die ooglopende gemeenskapsgeoriënteerde bouwerke, het die Nasionaal-Sosialistiese regering ook werke onderneem wat eerder sou inskakel by die Nasionaal-Sosialistiese ideologie. Die aard en omvang van dié werke kan slegs kortliks aangeraak word. Die grootskaalse betrokkenheid van die Nasionaal-Sosialistiese regering by die argitektuur het gespruit uit die gevoel dat die nuwe Duitsland in sy bouwerk sigbaar moes wees en om dekadensie (die afwyking van die realisme) in

---

156 Kyk pp. 25 - 28 hierbo.

157 O. Borst, "Ein Zeuge des Glaubens, Zur Wiederkehr des Todestages von Dr. Ing Todt am 8 Febr. 1942", p. 7.

158 J. Bradley, *The illustrated history of the Third Reich* (Greenwich, Bison, 1983), p. 85.

159 N. S. Lehrerbund, *Deutsches Volk - Deutsche Heimat*, p. 224.

160 Illustrierte Beobachter, *Das Deutschland Adolf Hitlers*, p. 30.

161 E. Kern, *Adolf Hitler und das Dritte Reich*, p. 69.

kunste te beëindig.[162] Een van hierdie werke was die restourasie van die SS-kasteel, die Wewelsburg, wat die geestelike sentrum van die SS moes word.[163]

Die Duitsers van die nuwe Duitsland was veronderstel om hulleself bo die "minder-waardige kultuurbolsjewisme" te verhef.[164] Tydens die hoeksteenlegging van die Huis van Duitse Kuns op 15 Oktober 1933, het Hitler onder andere gesê "Dit is heerlik om in 'n tyd te leef, wat aan die mens groot uitdagings stel . . . Ons wil slegs sien dat die gebroke, weer opgebou moet word en dat die verval weer tot 'n nuwe lewe moet lei."[165]

Die nuwe bouwerke en groot projekte moes dus die nuwe Duitsland weerspieël.[166] Uiteindelik het die RAD sodoende 'n bydrae gelewer tot die skepping van groot prestasies soos die Autobahn, Olympiastadion en die sogenaamde skolingsburge (kasteelagtige strukture).[167]

---

162 Die beweging in die kunste soos wat dit in die twintigerjare voorgekom het moes uitgeroei word. Daar is veral teen die "Bauhaus" -kultuur en moderne kuns in die algemeen te velde getrek. Volk und Reich. *Deutschland Olympia Jahr* (Berlyn, Volk und Reich, 1936), p. 72.

163 S. Russel & J. W. Schneider, *Heinrich Himmlers Burg: Bildchronik der SS-schule Haus Wewelsburg 1934 - 1945* (Essen, Heitz & Höffke), p. 38.

164 Illustrierte Beobachter. *Das Deutschland Adolf Hitlers*, p. 59.; Hierdie houding moet waarskynlik in die lig daarvan gesien word dat sedert 30 Januarie 1933 gepoog is om uit die chaos van die Weimartyd orde te skep. Dit is in teenstelling met die Bolsjewisme wat veral in die kunste chaos en dekadensie vooropgestel het; Vgl. ook SS-Hauptamt-Schulungsamt, *Der Untermensch: SS Bilderbuch* (Berlyn, Nordland, 1941), pp. 36 - 39.

165 E. Kern, *Adolf Hitler und das Dritte Reich*, p. 88. (Aanhaling vertaal uit Duits).

166 Scholtz, *Architektur und Bildende Kunst* ..., p. 54.

167 Dit was inrigtings, hoofsaaklik ou kastele waar uitgesoekte jeugdiges in die Nasionaal-Sosialisme opgevoed is. Volk und Reich, *Deutschland - Olympia Jahr*, p. 72.

Vir 'n buitestaander mag dit voorkom asof die RAD 'n soort pre-militêre organisasie kon gewees het, veral as na 'n film soos *Triumph des Willens*, en na die talle foto's gekyk word. Die orde, uniforms en parades kon dié indruk versterk, maar die RAD was nooit bedoel om 'n militaristiese organisasie te wees nie.[168]

Die RAD was 'n orde wat rondom die "mistiek van arbeid" opgebou is.[169] Daarom is daar selfs na die Derde Ryk as die ryk van die Duitse arbeider verwys.[170] Die RAD se aktiwiteite kon op sigself nie 'n bedreiging vir vrede wees nie. Op die partydag van 1933 het Hitler onder andere gesê: "Die arbeidsdiens sal tot hierdie doel (tot vrede) aan almal dieselfde instrument van arbeid in die hand gee, die instrument wat 'n volk die meeste respekteer, die graaf. So marsjeer julle onder die geweer van vrede."[171] Die Derde Ryk moes dus in vrede opgebou word.[172]

In sekere onlangse publikasies word egter gesuggereer dat die Autobahn juis gebou is om die transportering van troepe te vergemaklik. So word in *The new order* beweer dat alhoewel die Autobahn 'n trotse prestasie was, die hoofoogmerk daarmee tog was om Duitsland vir oorlog voor te berei.[173]

---

168 Kyk p. 26 hierbo.

169 Vgl. W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 22.

170 Illustrierte Beobachter, *Das Deutschland Adolf Hitlers*, p. 54.

171 E. Kern, *Adolf Hitler und das Dritte Reich*, pp. 65 - 82. (Aanhaling vertaal uit Duits).

172 Volk und Reich, *Deutschland - Olympia Jahr*, p. 40.

173 G. Constable (ed.), *The new order*, p. 145.

Die RAD kan met reg bestempel word as die enigste organisasie binne die Nasionaal-Sosialistiese raamwerk waarvan lidmaatskap vir alle skoolverlaters verpligtend was. Die presiese ledetal kan egter moeilik bepaal word. Daar het egter tydens die Partydag van 1935 reeds 50 000 manlike RAD-lede op parade aangetree. Die feit dat algemene arbeidsdiensplig vanaf 26 Junie 1935 ingevoer is, impliseer dat die oorgrootte meerderheid van die Duitse jeug vanaf dié datum tot en met Mei 1945 op een of ander manier by die RAD in geskakel het. Die eertse innames van 1935 het reeds 200 000 man aan die RAD gelewer.[174]

### 3.4 Die plek van die RAD in die Nasionaal-Sosialistiese staat

Die RAD was aan die Duitse Ministerie van Binnelandse Sake onderhorig, wat beteken het dat die RAD vanaf 26 Junie 1935 grondwetlik deel van die staatsopset van die destydse Duitsland was.

Soos die naam RAD aandui, het die totale wese van dié organisasie op arbeid berus. Die begrip arbeid het in die RAD ook 'n mistieke sin gekry deurdat arbeid beskou is as 'n middel tot 'n doel, nie net materieel nie, maar ook geestelik.[175] Die individuele Duitser moes dus in die RAD leer dat arbeid heilsaam vir die siel is. Die Duitse jeug moes ook leer dat arbeid nie 'n vloek is nie, maar 'n eer. Die oogmerk van die destydse Duitse regering met die RAD was in die praktyk om Duitse grond te bewerk

---

174 E.W.W. Fowler, *Nazi Regalia*, p. 55. Vgl. ook pp. 40, 41 en 43 hierbo.

175 Kyk ook pp. 25 en 27 hierbo.

en te bewaar.[176] Die RAD was egter nie net by landbouskemas betrokke nie, maar is ook aangewend op die groot openbare werke en later ook by die oprigting van verdedigingskemas.[177]

Die RAD was die enigste organisasie in die Hitler-era wat die totale naskoolse Duitse jeug betrek het. Omdat die Hitlerjeug (HJ) se lidmaatskap vrywillig was, was die impak van die RAD op die totale volk groter in omvang. Die RAD het in die Nasionaal-Sosialistiese opset 'n besondere rol gehad om te vervul. Daarom moet dié organisasie nie afsonderlik beskou word nie. Daar is reeds gesien hoedat die idee van arbeidsdiens stelselmatig op die NSDAP se agenda gekom het. Die besondere plek waarna vewys word, is dat die RAD by elke Duitser 'n positiewe ingesteldheid ten opsigte van arbeid moes kweek. In hierdie opsig moes die RAD sy besondere stempel van "volksopvoeding" op sy lede afdruk.[178]

Die ideaal in die Nasionaal-Sosialistiese staat was dat elke Duitser 'n aantal stappe moes deurloop ten einde volledig opgevoed te word. Hierdie stappe het kortliks uit die volgende bestaan. Ten eerste was daar die Hitlerjeug (waarvan lidmaatskap nie verpligtend was nie), hierna die Arbeidsdiens en dan het die weermag gevolg. Elke organisasie moes dus 'n bepaalde lewensterrein aanpak, soos bv. die RAD wat arbeid vooropgestel het. Die RAD se plek in die totale Nasionaal-Sosialistiese staat was dus

---

176 J.L. Collins (ed.), "Organisationsbuch der NSDAP 1936", p 3347.

177 E.W.W. Fowler, *Nazi Regalia*, p. 54.

178 Kyk pp. 27 en 37 hierbo.

dat dit 'n stap in die vorming van 'n totale Nasionaal-Sosialis was. Daar kan hier ook na die Duitse Arbeidsfront (DAF) verwys word, alhoewel dié organisasie slegs die rol van die verbode vakbonde oorgeneem het, en dus nie 'n vormende rol in die jeug se opvoeding gespeel het nie.[179]

'n Aantal persone met wie die skrywer onderhoude gevoer het, meen dat die opbou van Duitsland na die Tweede Wêreldoorlog moeiliker sou geskied het sonder die invloed wat die HJ en die RAD op die Duitse volk tot en met 1940 gehad het, alhoewel hierdie standpunt nie in die geraadpleegde, gepubliseerde bronne na vore kom nie. Die redes wat aangevoer word, is dat selfdissipline, opoffering en werksywer deur veral die RAD bevorder is.[180]

Daar is ook in die briewekolom van *Der Spiegel* van 1964 deur onder andere twee skrywers 'n positiewe terugblik op die RAD gegee. So skryf ene W. Dettenberg dat sy lank in die RAD gedien het en dat sy haar dienstyd baie geniet het - ook dat daar dikwels skakeling met SS-eenhede was. Sy meen verder dat die RAD 'n wonderlike instelling was. 'n Ander briefskrywer, ene dr. P. Minrath, vra in sy brief die vraag of die vooropstel van Duitse waardes vir die Duitse vrou in die RAD dan negatiewe Nazi-idees sou wees.[181]

---

179. C. Hamilton, *Leaders and Personalities of the Third Reich* ......, p. 399.

180 W. Steffens, onderhoud, 26 Des. 1992.

181 W. Dettenberg, "Briefe; Glaube und Schönheit" *Der Spiegel*, Jg. 19, nr. 6, p. 5. Vgl. ook P. Minrath, "Briefe; Glaube und Schönheit", p. 5.

Die feit dat die RAD 'n besliste aandeel gehad het in die vermindering van die aantal werkloses, het daartoe bygedra dat Hitler en die Nasionaal-Sosialisme se aansien en gewildheid toegeneem het.[182]

### 3.5 Die invloed van die RAD op die buiteland

Die RAD is met bewondering deur buitelandse waarnemers beskou.[183] Hierl se groot oomblik het gekom toe hy in September 1936 as "Reichsleiter" aangestel is van 'n organisasie waarvan die wêreld kennis geneem het.[184]

In Suid-Afrika is daar destyds gunstige kommentaar op die RAD gelewer en is daar gemeen dat "Arbeitslagers" 'n goeie manier was om werkloosheid te bestry.[185] Gedurende die eerste ses maande van 1938 het daar 2875 buitelanders na die RAD kom ondersoek instel. Selfs Lloyd George het na die RAD as 'n "wonderlike inrigting" verwys.

Ook die destydse Britse ambassadeur in Duitsland, sir Neville Henderson, het die volgende gemeen: "Ek wens my volk het ook so 'n inrigting en jeug gehad."[186] Enkele

---

182 E.W.W. Fowler, *Nazi Regalia*, p. 55.

183 H. J. Evert, *Aus Deutscher Sicht* ..., p. 109.

184 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 104.

185 Anon., "Geestestrominge in die Dietse lande", p. 5

186 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 104.

ander buite-landers wat ook met lof en waardering van die RAD gepraat het, word voorts kortliks na verwys.[187]

Die Griekse militêre attaché van destyds, majoor dr. Krikanis, het die volgende oor die RAD gesê: "Dit wat ek op die plek beleef het, was 'n beeld van gedissiplineerde en vrugbare arbeid, gedra deur seuns en meisies." Die Japanse verteenwoordiger huldig die volgende mening: "Dit is 'n hoogs gelukkige idee en miskien die enigste met vooruitsigte op sukses, wat die huidige manne en vroue reeds in hulle jeug met die indruk vervul dat die vaderland geen abstrakte idee is nie . . ." Selfs Winston Churchill het gemeen: "In die arbeidsdiens lê die klem op die opheffing van klasse-onderskeid en die versterking van die sosiale eenheid van die Duitse volk: in die leër lê dit op die dissipline en die territoriale eenheid van die nasie."[188]

Ook in die jare na die Tweede Wêreldoorlog is daar nog deur verskeie mense gunstig na die RAD verwys. In 1976 het die President van die Chinese Oorlogsakademie, generaal Wego Chiang, gesê: "Ons is almal vas daarvan oortuig, dat 'n soortgelyke organisasie as die RAD vir die huidige jeug en ook vir hulle vaderland, veral in hierdie tyd (die na-oorlogse era) waar die ou etiese leer in gevaar staan, die enigste redding is en van waarde kan wees."[189]

---

187 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., pp. 41 - 42.

188 Vgl. W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., pp. 41 - 42. (Aanhaling vertaal uit Duits).

189 Vgl. W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 42.

Daar is in die na-oorlogse jare probeer om in enkele lande iets soortgelyk as die RAD van stapel te stuur. Een so 'n poging is die Internasionale Burgerdiens, waarvan nie veel bekend is nie. Dan was daar ook die Noodhulpgemeenskap van Vriende en die "American Friends Service Committee". Hierdie organisasies wou hulleself opbou rondom die arbeidstegniese, organisatoriese en opvoedkundige ervaring van die RAD.[190]

Dit lyk of hierdie organisasies nie veel sukses behaal het nie, waarskynlik omdat hulle in 'n veranderde wêreld nie meer kon inpas nie.

'n Aantal voormalige RAD-lede het arbeidsdiens-organisasies in Iran en Ghana probeer stig, maar sonder sukses, omdat die pogings nie deur die Wes-Duitse regering goedgekeur is nie. Die Wes-Duitse regering kon nie sulke pogings goedkeur nie, omdat die pogings uitgegaan het van oortuigde Nasionaal-Sosialiste en die Wes-Duitse regering die Nasionaal-Sosialisme verwerp het.

Selfs die destydse Duitse Demokratiese Republiek (DDR) het nie heeltemal weggedoen met die idee van arbeidsdiens nie. Sedert 1952 het die Arbeidsdiens daar bekend gestaan as "Dienst für Deutschland".[191]

---

190 Anon, "Arbeitsdienst".

191 Anon, "Arbeitsdienst".

Na Hitler se bewindsoorname in 1933 is werkloosheid in Duitsland stelselmatig verlig.[192] 'n Verskeidenheid werkverskaffingsprojekte, waar die RAD onder andere by betrokke was, het daartoe bygedra dat Hitler se gewildheid toegeneem het.[193]

## 3.6 Die rol van die RAD in die Tweede Wêreldoorlog

Tot en met September 1939 was daar geen wapenopleiding in die RAD nie.[194] Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die leiding van die RAD met die werklikheid laat rekening hou.

Die rol van die RAD het ook al meer deel van die Duitse oorlogspoging geword. Arbeidsdiensafdelings is nie meer vir siviele projekte gebruik nie, maar is onder andere as konstruksie-eenhede en gemotoriseerde padbou-bataljonne op die front aangegewend.[195] Die uitbreek van die oorlog het ook beteken dat meer as die helfte van die leierskorps van die RAD vir militêre diens opgeroep is. 'n Groot deel van hulle het gesneuwel, met die gevolg dat die RAD 'n deel van sy leierskorps verloor het.[196]

---

192 H. Fritsch, *Land Mein Land* ..., p. 15.

193 E. W. W. Fowler, *Nazi Regalia*, p. 55. Kyk ook p. 47 hierbo.

194 Kyk p. 24 hierbo.

195 E. Guderian, Onderhoud, 20 Sept. 1992.

196 W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ... , p. 44.

Omdat die RAD-afdelings aan die front werksaam was, en hulle onvermydelik in gevegte sou beland, was dit wys om aan RAD-manskappe 'n basiese militêre opleiding te gee.

Daar was selfs gevalle waar RAD-afdelings onverwags deur die Duitse Weermag gebruik is om groot vyandelike offensiewe, soos wat gebeur het op 6 September 1942 in Rusland, te stuit.[197]

In die middel van die oorlog moes die RAD ook gehoor gee aan versoeke van onder andere Nederland, Roemenië, Noorweë en Kroasië om te help met die opbou van hulle eie arbeidsdiensorganisasies.[198]

Heeltemal teenstrydig met Hierl se oorspronklike idee van arbeidsdiens,[199] was daar teen April 1945 selfs twee ten volle bewapende RAD-divisies om te help met die verdediging van Berlyn.[200] Dit was egter 'n situasie wat uit nood gebore is en wat onder ander omstandighede nie sou realiseer nie.

---

[197] W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 44.

[198] W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 45.

[199] Kyk p. 24 hierbo.

[200] W. Mallebrein, *Männer und Maiden* ..., p. 46.

## 4. DIE SPESIALE DIENSBATALJON VAN SUID-AFRIKA

### 4.1 Inleiding

Die Spesiale Diensbataljon (SDB) was een van die pogings in Suid-Afrika om die werkloosheidskrisis van die vroeë dertigerjare tot 'n positiewe wending te bring. Dit is egter so dat vanweë die beperkte omvang van die SDB dit nie die bedoeling kon wees om deur middel van die SDB alleen werkloosheid in Suid-Afrika uit te wis nie. Daarvoor was die politieke toestande in vergelyking met die toestande in Duitsland te verskillend, omdat daar in 1933 in Duitsland 'n regering aan die bewind gekom het wat die uitwissing van werkloosheid vooropgestel het.

Of die stigting van die SDB enigsins deur die Duitse Arbeidsdiens beïnvloed kon gewees het, is te betwyfel. Veel eerder was sir Pierre van Ryneveld die deurslaggewende faktor tot die stigting van die SDB.[201] Soos in die geval van die RAD het ook die SDB beoog om 'n bydrae te lewer tot die verbetering van die destydse swak ekonomiese toestande.[202]

Dit mag egter nie uit die oog verloor word dat waar die SDB wel 'n bydrae gelewer het om werkloosheid in 'n mate te verlig en om gekeurde manlike jeugdiges op te

---

201 L. Barnard, *Pantser in Aksie : 1 SDB 1933 - 1990* (Bloemfontein, NG Sendingpers, 1993), p. 18. Vgl. ook W. Otto, *Die Geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon*, p. 24.

202 L. Barnard, *Pantser in Aksie* ......, p. 18.

voed, die organisasie nogtans nie die totale samelewing op so 'n wyse geraak het, soos wat die geval met die RAD was nie.

Anders as in die geval van Duitsland, het daar in Suid-Afrika van staatsweë ook glad nie die bedoeling bestaan om massas jong mense in 'n arbeidsdiensbeweging in te sluit nie.[203]

Die geskiedenis van die SDB kan in drie fases of periodes verdeel word, naamlik:[204]

- vooroorlogse periode;
- die oorlogsjare; en
- naoorlogse periode.

In hierdie hoofstuk word hoofsaaklik oor die vooroorlogse periode besin, omdat dit in die periode was wat beide die SDB en RAD ontstaan het; alhoewel daar ook vergelykenderwyse aan die oorlogse periode aandag gegee word.

## 4.2 Perspektief op die faktore wat bygedra het tot die stigting van die SDB

Alhoewel die situasie in Suid-Afrika rondom 1930 nie sonder meer verbind mag word met die gebeure in Duitsland van voor 1933 nie, is daar tog ooreenkomste met

203 Anon., "A brief history of 1 Special Service Battalion", *Omnia Militaria*, Jg. 3, nr 3, 1983, p. 2.

204 TAB, Ploeger-vers., Band A128/216. "History of the Special Service Battalion", p. 1.

Duitsland en ander lande in die periode. Die swak sosio-ekonomiese toestande van destyds was dus geensins slegs tot Duitsland beperk nie.

Dit is egter belangrik om te kyk na die faktore wat die ellende in Suid-Afrika laat ontstaan het, en wat deur plaaslike omstandighede veroorsaak is. Volgens Van Jaarsveld het die oorsake daarvan by Afrikanerverstedeliking begin.[205]

Omdat verstedeliking by die Afrikaner in vergelyking met Europa eers redelik laat sy verskyning gemaak het, en dit gepaard gegaan het met 'n industriële omwenteling, was die onvermydelike gevolge hiervan krotbuurtes en sedelike verval.[206] Reeds teen die einde van 1902 was die grootste deel van die Afrikaners, veral weens die Anglo-Boereoorlog, armblankes.[207] Omdat die Britte teen die Boererepublieke geveg het, en nie teen die Engelssprekendes in Suid-Afrika nie, sou die Afrikaanssprekendes uiteraard baie meer die negatiewe gevolge van dié oorlog voel. Een van die negatiewe gevolge van die Britse verskroeide aarde-beleid was dat baie Afrikaners na die Anglo-Boereoorlog verstedelik het.

---

205 F. A. Van Jaarsveld, *Die Afrikaners se groot trek na die stede* (Pretoria, Perskor, 1982), p. 137. Ontvolking van die platteland en die trek na die stede het gedurende die twintiger- en dertigerjare ook in Duitsland ontstellende afmetings aangeneem; Vgl. ook G. Constable, (ed.), *The new order*, pp. 9 - 14.

206 W. N. Barnard & J. N. Steyn, *Ruimtelike ordening: 'n Ekonomies-geografiese perspektief* (Pretoria, Van Schaik, 1984), p. 30.

207 L. Marquard, 1952. *The peoples and politics of South Africa* (London, Oxford, 1952), p. 32.

Die ekonomiese depressie van 1929 sou onvermydelik tot verdere verval bydra.[208] Die toestand is vererger deur genl. Hertzog se weiering om Brittanje se voorbeeld te volg om van die goudstandaard af te stap.[209] Daarmee wou genl. Hertzog demonstreer dat die Unie van Suid-Afrika onafhanklik van Brittanje was.[210] Eers na die hertoetrede van Tielman Roos tot die politiek in 1932, het Suid-Afrika die goudstandaard verlaat.[211]

Teen 1933 het die aantal bankrotskappe 'n hoogtepunt bereik en met 'n skuldtotaal van £100 000 000 was dit duidelik dat iets gedoen moes word.[212] Die oorsake vanhierdie toestand was heel waarskynlik 'n gebrek aan genoegsame reserwes en te veel skuld.[213] Die situasie was so ernstig dat genl. J.C. Smuts in 1933 'n memorandum oor bankrotskappe aan die kabinet voorgelê het.[214] Teen 1933 was baie Afrikaners reeds verproletariseer.[215] Uiteraard sou die staat pogings probeer aanwend om die probleem enigsins te verlig. Volgens die aanbevelings van die Carnegie-kommissie sou

---

208 W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diens Bataljon*, p. 1.

209 P. Meiring, *'n Terugblik op koalisie na 50-jaar* (Johannesburg: RAU, 1983), p. 5.

210 L. Marquard, *The peoples and politics of South Africa*, p. 140.

211 Die afskaffing van die goudstandaard het 'n reeks implikasies gehad. Geld het begin terugvloei na Suid-Afrika. Die prys van goud het gestyg, die swakker myne kon dus weer begin winste maak. Meer geld was vir beleggings beskikbaar en die sekondêre industrieë het begin herstel van die depressie. Die ekonomie as geheel het dus vooruitstrewend begin word. Die ekonomiese herstel het tot gevolg gehad dat die lewenstandaard gestyg het, en dat meer mense werk gevind het en dus nie meer hulle oë op staatshulpskemas en die SDB vir uitkoms gerig het nie. Vgl. B. J. Liebenberg & S. B. Spies (ed.), *South Africa in the twentieth century* (Pretoria, Van Schaik Academic,1993) p.248.

212 TAB. Smuts vers., 124/95: Memorandum oor bankrotskappe 01.11.1933.

213 J.A. du Plessis, "Die verhouding tussen kerk en staat" *Koers*, Jg 1, nr 5, 1934, p. 13.

214 TAB. Smuts vers., 124/92 : Smuts memorandum, 1933.

direkte staatsinmeging egter verkeerd wees en moes daar eerder probeer word om armoede te verwyder deur die onderwysstelsel uit te brei en om werksgeleenthede vir die jeug te skep.[216] In Suid-Afrika is die probleem van werkloosheid vererger deurdat die Afrikaner op handearbeid as 'kafferwerk" neergesien het.[217]

Die tydperk tussen 1929 en 1933 word ook deur die Afrikaner Broederbond (AB) as 'n belangrike fase in sy eie geskiedenis beskou. Die rede hiervoor is dat terwyl die Afrikaner gesukkel het om homself in tyd en ruimte te oriënteer, die AB die stryd agter die skerms gevoer het om aan die Afrikaner 'n vastrapplek in die Suid-Afrikaanse samelewing te gee. Daar was dus mense wat die Afrikaner se welsyn op die hart gedra het en hulle invloed in die AB moontlik kon gebruik het om hulle verarmde volksgenote in organisasies soos die spoorweë, polisie, leër en lugmag te plaas, sodat hierdie organisasies mettertyd al meer 'n Afrikaanse karakter gekry het.[218]

Een van die wyses waarop daar deur die staat probeer is om 'n heenkome aan werkloses te gee, was om armblankes as arbeiders te gebruik vir die lê van dwarsleêrs op die spoorlyne.[219] Pogings is dus wel aangewend om werkloses vir verskillende skemas te gebruik.

---

215 W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon*, p. 3.

216 J.A. du Plessis, "Die verhouding tussen kerk en staat", p. 13.

217 F. A. Van Jaarsveld, *Die Afrikaner se groot trek ...*, p. 34

218 A. N. Pelser, *Die Afrikaner Broederbond: Eerste 50 jaar* (Kaapstad, Tafelberg, 1979), p 91.

219 TAB. Havenga vers., 38/A20 : Brief min van SAS aan H, 24.10.1934.

In die onderstaande tabel word die aantal mense wat reeds teen 1936 in verskillende skemas geakkommodeer is, aangedui:[220]

| | |
|---|---|
| Vaalharts en Vaaldam | 2 042 |
| Loskop | 495 |
| Bosbou | 1 435 |
| Ander | 962 |
| Totaal | 4 893 |

Omdat Suid-Afrika die goudstandaard verlaat het, sou die algemene sosio-ekonomiese toestande stelselmatig verbeter. In die onderstaande tabel kan gesien word dat die aantal werkloses en insolventskappe teen 1934 reeds verminder het.[221]

| Jaar | Werkloses | Jaar | Insolventskappe |
|---|---|---|---|
| 1933 | 14 678 | 1931 | 2 582 |
| 1934 | 10 182 | 1934 | 668 |

220 TAB. Havenga vers., 38/A26 : Wit arbeiders op die skemas, 1936.

221 TAB. Havenga vers., 38/A26 : Brief van Nel aan Havenga, 24.04.1936.

Teen 1935 het die staatskuld wel tot £ 200 000 verminder, maar die armblanke-probleem was nog altyd daar.[222] Van beide die kerk en staat was daar pogings om die probleem te verlig.[223] Volgens die Carnegie-kommissie moes daar ook duidelik onderskei word tussen armoede en die armblankevraagstuk.[224] Van hierdie armblankes is gedwing om 'n heenkome in agterbuurtes te soek. Om dié probleem uit te wis is die Slumswet nr. 53 van 1934 uitgevaardig.[225]

### 4.3 Die stigting en struktuur van die Spesiale Diensbataljon

Alhoewel daar raakpunte tussen die onderliggende stigtingfaktore van die SDB en RAD mag bestaan, was die stigting van die twee organisasies tog verskillend gemotiveer. Die idee van sir Pierre van Ryneveld om werklose jong manne vir die leër te werf, sou egter tot die stigting van die SDB lei. Die SDB is uit suiwer sosio-ekonomiese oorwegings gestig, met die bedoeling om van die heel begin af slegs 'n beperkte aantal lede te werf.[226] Die RAD, daarenteen, het meer as dit beoog.

Kolonel sir Pierre van Ryneveld het gevoel dat die werkloosheidprobleem onder jong manne op een of ander manier opgelos moes word. Daarom skryf hy op 17 Maart 1933

---

[222] TAB. Havenga vers., 22/A26 : Brief van Naude aan Havenga, 05.10.1935.

[223] I. D. Kruger, "Vrystaatse armsorg", *Koers*, Jg. 5, nr. 3, 1935, p. 31.

[224] J. A. du Plessis, "Die verhouding tussen kerk en staat", p. 10.

[225] J. P. van der Merwe, "Behuising en die arme", *Koers*, Jg. 5, nr. 3, 1937 p. 14.

[226] Kyk p. 82 hieronder.

aan genl. maj. Brink: "With our knowledge of military life and the value of its discipline, we could not help but discuss and picture the strong healthy and vigorous citizens these same apathetic youths could be turned into, if on leaving school without any definite prospect of employment, they could be attached to a military unit where they could be kept fit and active until they could be drafted into suitable works and services."[227]

Die rede hoekom juis aan genl. maj. Brink geskryf is, was dat hy die destydse hoof van die Unie-Verdedigingsmag (UVM) was. Hy het op sy beurt weer voorleggings aan minister Oswald Pirow vir die stigting van 'n diensbataljon gedoen.[228]

Die rol wat Oswald Pirow gespeel het, mag ook nie onderskat word nie, omdat Pirow juis in sy hoedanigheid as Mininster van Verdediging die SDB in die lewe geroep het.[229] Op 10 April 1933 het Pirow aangekondig dat 1 500 werkloses op Robertshoogte geakkommodeer sou word.[230] Die SDB was in sy hele wese 'n sosio-militêre skema, weliswaar van beperkte omvang.[231]

---

227 W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon*, p. 24.

228 Vanaf 1 Oktober 1929 is genl. maj. Brink as Sekretaris van Verdediging en as hoof van die Generale-staf aangestel. Op 1 Mei 1933 is die twee poste geskei en het brigadier-generaal sir Pierre van Ryneveld hoof van die Generale-staf geword. Vgl. W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon*, p. iv.

229 C.J. Beyers (red.), *SA biografiese woordeboek*, Band V (Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1987), p.632.

230 J. H. Le Roux & P. W. Coetzer, *Die Nasionale Party, Deel 3, Eerste bewindsjare 1924 - 1939* (Bloemfontein, Nasou, 1986), p. 338.

231 W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon*, p. 2. Kyk ook p. 33 en p. 52 hierbo.

Die swak sosio-ekonomiese omstandighede van destyds was dus die stimulus tot die stigting van die SDB. Tog is dit ook so dat die betrokkenes by die hele idee graag die ongewenste toestande op 'n spesiale manier wou bekamp. Daarom het die gedagte ook ontstaan om beroepsopleiding op beperkte skaal in die SDB in te voer.[232] Benewens beperkte beroepsopleiding is vrywilligers teen morele en fisiese verval gestaal deur middel van militêre dissipline.[233]

Die Departement van Arbeid het ook met die SDB nou saamgewerk om betrekkings in die burgerlike lewe vir SDB-lede te soek. Dié departement sou die helfte van die beraamde koste verbonde aan die onderhoud van die SDB, ongeveer £ 60 000 per jaar, dra.[234]

Die standplaas van die SDB sou langs die Lyttleton pad en tussen die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege en die Suid-Afrikaanse Lugmag, op die huidige Voortrekkerhoogte wees. Die eerste parade van die SDB is op 8 Mei 1933 daar gehou.[235]

Vanaf 26 Mei 1933 het die eerste rekrute begin aanmeld totdat die gewenste sterkte van 1 990 man uiteindelik bereik is. Op 8 Julie 1933 is die eerste twee kompanies gevorm. Die SDB is in September 1933 in bogenoemde twee kompanies en in 'n kom-

---

232 W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon*, p. 136; TAB, Ploeger-vers., 128/A216. History of the Special Service Battalion, p. 2.

233 TAB, Ploeger-vers., 128/A216. History of the Special Service Battalion, p. 2.

234 W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon*, p. 136.

235 TAB, Ploeger-vers., 128/A216, History of the Special Service Battalion, p. 2.

panie-HK georganiseer. Hierdie indeling is later hersien en teen 15 Junie 1934 het die eenheid soos volg daar uitgesien:[236]

Bataljon hoofkwartier

- Lede afgedeel aan ander eenhede.
- Nommer 1 vleuel-HK en twee kompanies.
- Nommer 2 vleuel-HK en twee kompanies.
- Kaapstad kompanie.
- Durban kompanie.

Die voorwaardes vir aansluiting by die SDB behels die volgende aspekte.[237] Aansoekers moes tussen 17 en 22 jaar oud wees, medies geskik, bereid wees om vir een jaar in die staandemag te dien en ook oor 'n minimum kwalifikasie van standerd ses beskik. Lede kon egter na ses maande van opleiding ontslaan word, indien hulle werk kon vind.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat lede van die SDB in die eerste plek soldate sou wees, daarom sou lede ook aan 'n militêre kode van dissipline onderworpe wees.[238] Opleiding was op normale infanterie-opleidingsdoelwitte gebaseer. Die hele opleidings-program was hoofsaaklik op dissipline en op 'n gesonde liggaam gerig.[239]

---

236 TAB, Ploeger-vers., 128/A216, History of the Special Service Battalion, p. 3.

237 Anon., "A brief history of the 1 Service Battalion", p. 2.

238 W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon*, p. 32.

239 Anon., "A brief history of the 1 Special Service Battalion", p. 2.

## 4.4 Die funksionering van die Spesiale Diensbataljon

Die primêre doelstellings van die SDB was die aankweek van militêre fiksheid gepaardgaande met die vereiste om dan na 'n opleidingstydperk van 'n jaar plasing vir hierdie lede in die siviele samelewing te vind.[240] Die SDB as instansie sou dus suiwer militêr funksioneer, ongeag die einddoelstellings wat daar was.

Daar is ook reeds in die opleidingsfase gepoog om binne die SDB 'n verskeidenheid dienste te laat ontwikkel.[241] Die idee daaragter was dat lede onder andere soveel beroepsgerigte take as moontlik binne die eenheid self moes verrig.

Afgesien van die normale militêre opleiding en funksies is die SDB ook vir parades gebruik, wat sou meebring dat die eenheid die pronkstuk van die Suid-Afrikaanse Lëer sou word.[242] Die dissipline, goeie dieet, die deurbring van tyd in die buitelug en 'n kennis van militêre onderwerpe sou ongetwyfeld ook van waarde vir elke lid wees.[243]

Die optrede van die SDB tydens parades om luister aan spogfunksies te verleen, kan daaruit verklaar word dat militêre opleiding as 'n stap tot diensbaarheid beskou is.[244]

---

240 W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon*, p. 24. Vgl. ook J. Ploeger, "Geleidelike opbou", *Militaria*, Jg 1, nr 3, Mrt. 1969, p. 33.

241 J. C. Vlok, " 'n Buitestander beskou die SDB", *SDB-kwartaalblad*, nr 10, April 1937, p. 6.

242 Anon., "A brief history of the 1 Special Sevice Battalion", p. 2.

243 Anon., "An onlooker comments on the SSB", *SSB-quarterly* , no. 1 April 1937, p 26.

244 J. C. Vlok, "'n Buitestaander beskou die SDB", p. 8.

Die SDB het ook veral vanweë sy hoë standaard van driloefeninge en seremoniële parades, goed bekend geword.[245]

Van die belangrikste seremoniële parades waaraan die SDB in 1934 deelgeneem het, was die volgende:[246]

| | |
|---|---|
| 26 Maart 1934: | Optredes by die jaarlikse Witwatersrandse Landbouskou. |
| 11 Julie 1934: | Die bataljon word geïnspekteer deur viseadmiraal sir Dunbar Nasmith en viseadmiraal Evans. |
| 10 Augustus 1934: | Die bataljon vorm die erewag met die aankoms van die Goewerneur-generaal in Pretoria. |
| 11 Augustus 1934: | Die bataljon staan langs die straat vir meer as 'n myl en'n kwart tydens die opening van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, (YSKOR) in Pretoria. |
| 23 Augustus 1934: | Die bataljon word op parade geïnspekteer deur die eerste minister, genl. J.B.M. Hertzog en deur minister N. C. Havenga. |
| 22 September 1934: | 'n Liggaamsopvoedingvertoning deur die bataljon gelewer op die Caledoniese gronde in Pretoria. |
| 1 Oktober 1934: | Die bataljon lewer 'n liggaamsopvoedingvertoning op die Wanderers in Johannesburg. |
| 19 Oktober 1934: | 'n Parade word tydens die jaarlikse revue van die Robertshoogte garnisoen gehou. |

245 Anon., "A brief history of the Special Service Battalion", p. 2.

246 TAB, Ploeger-vers., 128/A216, History of the Special Service Battalion, p.3.

Op 25 September 1934 het 'n indrukwekkende seremonie plaasgevind waartydens die regimentskleure aan die eenheid oorhandig is deur die goewerneur-generaal, die Graaf van Clarendon. Aan die seremonie het ongeveer tweeduisend man deel-geneem.[247]

Teen 1937 was die SDB geen eksperiment meer nie, maar het dit 'n faktor in die wel-vaart van die jeug van Suid-Afrika geword. Dit het beteken dat alhoewel die SDB in die eerste plek 'n integrale deel van die leër was, die bataljon hom ook daarmee bemoei het om jong manne van werk te voorsien.[248]

In samewerking met die Departement van Arbeid en Sosiale Welsyn is daar ge-poog om arbeid vir lede van die SDB te soek. Teen die middel van 1937 is reeds sowat 6 858 voormalige SDB-lede van arbeid voorsien.[249] Van hierdie lede is vir sekere beroepe uitgesoek, terwyl daar selfs ook tydens die opleidingstydperk die moontlikheid van spesiale opleiding gebied is. So het die SDB veral 'n bron geword waaruit die polisie, spoorweë, gevangenisdiens en lugmag mannekrag geput het.[250]

Werkgewers was veral beïndruk deur die dissipline van die SDB-lede. Dit was waarskynlik om dié rede dat die destydse spoorweë 'n spoorwegopleidingskool op

---

247 TAB, Ploeger-vers., 128/A216, History of the Special Service Battalion, p. 5.

248 TAB, Ploeger-vers., 128/A216, History of the Special Service Battalion,p. 6.

249 TAB, Ploeger-vers., 128/A216, History of the Special Service Battalion, p. 7.

250 W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon*, p 128.

Robertshoogte opgerig het.[251] Opleiding is gegee in beroepsrigtings soos spoorweg-seiners, kondukteurs en algemene stasiepersoneel. Op Robertshoogte was daar ook nog 'n spoorweg-spysenierskool. Lede van die SDB is egter ook na die staat se opleidingsskool vir die mynwese en ander private industriële ondernemings gestuur.[252]

Alhoewel die SDB 'n integrale deel van die militêre opset in Suid-Afrika was, moet die oorspronklike doelwitte en oogmerke met die stigting van die SDB in gedagte gehou word.

Waar die RAD in Duitsland 'n integrale deel van die staatsopset was, was dit nie die geval met die SDB nie. Daar moet in gedagte gehou word dat die SDB sy ontstaan te danke gehad het aan die "besorgdheid van individue" oor die welstand van die jeug. Daarom was die aanvanklike oogmerk met die stigting van die SDB tog immers om binne 'n bepaalde opset met beperkte middele (in hierdie geval die Suid-Afrikaanse Leër) 'n aantal jong mense te akkommodeer. Die volgende stap sou dan wees om binne militêre verband 'n geleentheid aan gekeurde jong manne te bied om die regte lewenshouding aan te kweek.

Tussen 1933 en 1939 moes lede 'n dienskontrak van een jaar met die Suid-Afrikaanse Leër sluit. In dié jaar sou lede militêre opleiding ontvang, terwyl die leër in samewerking met die Departement van Arbeid vir hulle siviele betrekkings gesoek het.

---

251 TAB, Ploeger-vers., 128/A216,History of the Special Service Battalion, p. 7.

252 W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon*, p. 128.

Vir sover dit binne die leër moontlik was, is lede ook in diensvakrigtings soos spyseniering, administrasie, kleremaak- en skoenmaakrigtings aangewend, sodat hulle dié vaardighede ook in die siviele lewe kon gebruik.[253]

In hierdie opsig het die SDB as 'n integrale deel van die Suid-Afrikaanse Leër beslis sy deel bygedra om werkloosheid en verval onder jong blanke mans te verlig. Die aanvanklike oogmerk met die SDB was dus geensins om slegs soldate vir die leër te voorsien nie, maar om gekeurde jong mans op te hef.

Die Tweede Wêreldoorlog lei daartoe dat die SDB noodgedwonge sy rol moes aanpas.

### 4.5 Die plek van die SDB binne die Unie-Verdedigingsmag

Vervolgens word die plek van die SDB binne die konteks van die destydse Unie-Verdedigingsmag, en die skakeling met Oswald Pirow bespreek.

Alhoewel Pirow in sy hoedanigheid as Minister van Verdediging amptelik die SDB in die lewe geroep het, was hy nie die vader daarvan nie. Pirow was egter nie onbetrokke by die SDB nie, want volgens Vlok[254] is die manskappe aangemoedig deur 'n ywerige en geesdriftige minister wat lus was om te werk.

---

253 W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon*, p 128.

254 J. C. Vlok, " 'n Buitestander beskou die SDB", p. 8.

Wat problematies vir Pirow en sy betrokkenheid by die SDB kon wees, was sy Duitse ingesteldheid.[255] Dus kan die vraag ontstaan of Pirow nie dalk verskuilde bedoelinge met die SDB sou gehad het nie. Daar bestaan egter nêrens bewyse vir so 'n aanname nie.[256] Pirow het wel die Duitse eise gesteun in verband daarmee dat die bepalings van Versailles onregverdig is. Wat wel waar mag wees, is dat die Engelssprekendes gevrees het dat die stigting van die SDB sou meebring dat Afrikaners te sterk in veral die leër verteenwoordig sou wees.[257]

Die besoek van Pirow in 1933 aan Duitsland, kon waarskynlik daartoe lei dat mense daarin meer as 'n blote besoek wou sien. Hierdie besoek van Pirow sou egter bepalend vir die koers van die handel tussen die Unie van Suid-Afrika en Duitsland tot in 1939 wees.[258] Pirow het tog ongetwyfeld 'n belangrike bydrae gelewer, in sy kapasiteit as Minister van Spoorweë en Verdediging, om doelbewus aan SDB-lede werk in die spoorweë te verskaf.[259]

Kienzle beweer dat die Duitsers reeds in 1933 opgemerk het dat Pirow die spoorweë wou vergroot, en dat hy daarna gestreef het om die Suid-Afrikaanse Lugdiens onder

---

255 C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, p. 632. Vgl. ook J. Crwys-Williams, *A country at war 1939-1945: The mood of a nation* (Rivonia, Ashanti, 1992), p. 69.

256 Vgl. W. Kienzle, *German policy towards the Union of South Africa, 1933-1939* (ongep. D. Phil-proefskrif, Pennsylvania, 1974),p. 64.

257 J. H. le Roux & P. W. Coetzer, *Die Nasionale Party*, p. 404.

258 J. H. le Roux & P. W. Coetzer, *Die Nasionale Party*, p. 404.

259 W. Kienzle, *German policy towards the Union of South Africa*, p. 52.

staatsbeheer te plaas.[260] Nadat die Suid-Afrikaanse Lugdiens wel onder staatsbeheer geplaas is, het Pirow 'n paar strategiese staatsinstansies beheer, naamlik die leër, spoorweë, hawens en die lugdiens. Die Suid-Afrikaanse Lugdiens is in 1934 in die lewe geroep nadat verskillende privaat lugdienste deur die staat oorgeneem is en onder beheer van die Spoorweë en Hawens Administrasie gestel is.[261] Pirow was geïnteresseerd om soveel Afrikaanssprekendes as moontlik in dié instansies in diens te laat neem. Die SDB sou dus in die opset 'n nuttige rol kon vervul.

Pirow se voorneme dat slegs Duitse vliegtuie in Suid-Afrika gebruik moes word, is erg deur die Engelstaliges gekritiseer.[262] Dié kritiek spruit moontlik daaruit voort dat die Engelstaliges gevrees het dat ook die lugdiens en spoorweë deur Afrikaanssprekendes gedomineer kon word.

Daar is reeds genoem dat 'n groot deel van die Afrikaanssprekendes teen 1930 verarm was.[263] Die rekrutemateriaal van die SDB moes dus noodwendig uit baie armblankes bestaan het. Die waarde van die SDB in dié opset sou dus kon wees om te verhoed dat 'n deel van die blanke bevolking ontaard in 'n proletariese massa. Deur 'n aantal jong mense besig te hou en daarna van werk te voorsien, het die SDB beslis bygedra tot arbeidsvrede in Suid-Afrika.[264]

---

260 W. Kienzle, *German policy towards the Union of South Africa*, p. 63.

261 Vgl. A. J. H. van der Walt (e.a. reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, 3de uitg. verwerk deur D.W. Krüger (Goodwood, Nasou, 1979), pp. 528 en 538.

262 W. Kienzle, *German policy towards the Union of South Africa*, p. 64.

263 Kyk pp. 55-57 hierbo.

264 J. Ploeger, "Geleidelike opbou", p. 34.

Die SDB het wel geblyk suksesvol te wees. Die getalle van die SDB het geleidelik toegeneem sodat daar teen 1937 reeds ongeveer 9 000 manne opgelei is.[265] Vanaf 1937 het die getal aansoekers egter begin afneem, hoofsaaklik omdat die ekonomie sodanig verbeter het dat mense makliker self werk kon vind.[266]

In die SDB is daar gepoog om lede aan die einde van hulle opleidingstydperk as waardige burgers by die siviele lewe te laat inskakel.[267] Omdat gedissiplineerde soldate veel beter toegerus is om 'n taak suksesvol af te handel as wat 'n ongedissiplineerde massa daartoe in staat sou wees, sou die opleiding van die SDB ook in die siviele lewe van waarde kon wees.[268] SDB-lede is ook geleer om die regte lewenshouding aan te kweek.[269] Dit wil dus voorkom asof die SDB wel 'n opvoedkundige doelstelling gehad het, maar dat die doel geensins was om kriminele of wanaangepaste elemente te rehabiliteer nie.[270]

---

265 Anon., "A brief history of the Special Service Battalion", p. 6.

266 W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon*, p. 75.

267 W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon*, p. 97.

268 P. G. Joint, "Discipline in the army", *SSB quarterly*, nr 10, 1937, p. 13.

269 W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon*, p. 59.

270 W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon*, p. 91.

Die SDB het uiteindelik daartoe bygedra dat die "ongekunstelde plattelandse seun" 'n nuttige landsburger word.[271] Werkgewers was normaalweg hoogs tevrede met die standaard van jeugdiges wat na militêre opleiding in diens geneem is.[272]

Omdat die SDB ontstaan het in 'n tyd waarin nasionalisme en verwante ideologieë sterk aangehang is, kan die vraag gestel word of die SDB nie moontlik ook aan sulke invloede onderworpe was nie.[273] Daar is byvoorbeeld in die vaandel van die SDB sekere nasionale simbole opgeneem, soos die drie proteas en die leuse "Eendrag maak mag".[274] Volgens Vlok het die SDB-lede ook tydens oefeninge "Die Stem" gesing.[275]

Dit was ook op Robertshoogte, tuiste van 1 SDB, dat die Unievlag vir die eerste keer tydens 'n militêre parade gehys is.[276] Dit het gebeur te midde van bewerings dat "Robertshoogte 'n broeines van Imperialisme" is en dat daar pogings sou wees om die Afrikaanssprekendes in die staandemag te verengels.[277] Dié vlaghysingseremonie kon

---

271 J. C. Vlok, "'n Buitestaander beskou die SDB", p. 8.

272 TAB, Ploeger-vers., 128/A216, History of the 1 Special Service Battalion p. 7. Kyk ook p. 53 hierbo.

273 Ook in Suid-Afrika het 'n verskeidenheid geüniformde ideologies gekleurde organisasies tussen 1930 en 1945 hulle verskyning gemaak. Dit wil voorkom dat die organisasies gefloreer het tussen 1934 en 1943. Sedert 1939 kon die hoop op 'n Duitse oorwinning die organisasies sterk. Vgl. F.J. van Heerden, *Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek: 1933 -1948* (ongep. proefskrif, UOVS,1973)

274 Anon., "A brief history of the Special Service Battalion", p. 2.

275 J. C. Vlok, "'n Buitestaander beskou die SDB", p. 6.

276 A. J. H. van der Walt (e.a. reds), *Geskiedenis van Suid-Afrika ...*, p. 543.

277 *Transvaler*, 28.07.1938, berig: "Robertshoogte 'n broeines van imperialisme".

as 'n daad van Afrikanerpatriotisme geïnterpreteer word, alhoewel die bedoeling daarmee sekerlik nie was om 'n bepaalde denkrigting uit te dra nie.

Volgens Otto het twee derdes van die duisende SDB-lede met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog geweier om die Afrika-eed af te lê.[278] Hierdie houding van die SDB-lede het nie net beteken dat die eenheid nie onmiddellik operasioneel kon optree nie, maar ook dat die SDB 'n nuwe fase van sy geskiedenis binnegegaan het.[279]

Geen bewyse kan gevind word dat Pirow Fascistiese idees in die leër wou invoer nie. Pirow wou wel Duitse wapentuig na Suid-Afrika invoer.[280] Die Suid-Afrikaanse Leër was egter met die uitbreek van die oorlog in 1939, nie slaggereed nie.[281] Daarvoor is Pirow erg verkwalik en sy vyande het van die geleentheid gebruik gemaak om hom as laks en onderduims te beskryf.[282]

Alhoewel SDB-lede hulle eie politieke menings gehad het, was die SDB, soos blyk uit die geraadpleegde bronne, egter nie deur 'n ideologiese stroming beïnvloed nie. Die funksionering van die SDB kan soos volg saamgevat word: "... a finer display of soldiering has never before witnessed in the Union".[283]

---

278 W. Otto, *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon*,p. 198.

279 Kyk p. 72 hieronder.

280 W. Kienzle, *German policy towards the Union of South Africa*, p. 64.

281 H. Strydom, *Vir volk en Führer* (Johannesburg, Jonathan Ball, 1983),p. 14.

282 TAB, Smuts vers., 116/36 : Brief Churchill aan Smuts, 20.09.1939; Vgl ook J. Crwys-Williams, A country at war...., p. xix.

283 Anon., "An onlooker comments on the Special Service Battalion", p. 26.

## 4.6 Die rol van die SDB in die Tweede Wêreldoorlog

Dit was in die Tweede Wêreldoorlog periode van sy geskiedenis dat die SDB 'n evolusie ondergaan het. Die SDB sou van 'n suiwer jeugbeweging na 'n volwasse militêre eenheid verander.[284] Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het noodwendig dus daartoe gelei dat die SDB sy status as jeugbataljon moes opgee.

Op 16 September 1939 is die bataljon tot 'n brigade vergroot. Gedurende Mei 1940 is die Durbanse en Kaapstadse afdelings ontbind en hulle lede by die staandemag-SDB gevoeg.[285]

Vrywilligers van die SDB klas A-reserviste vorm die basis van die nuwe SDB en het diens gelewer in Oos-Afrika en in die Midde-Ooste.[286] Die bestaande SDB is ook op 16 September 1943 gereorganiseer op 'n basis van drie bataljonne om die Spesiale Diens-brigade te word.[287] Die feit dat twee derdes van die SDB nie die Afrika-eed wou aflê nie, het beteken dat die brigade tot 'n regiment vir vrywillegers herorganiseer moes word.[288] Die eenheid het wel in Kenia en in Abessinië diens

---

284 TAB, Ploeger-vers., 128/A126, History of the Special Sevice Battalion",p.1.

285 L. Barnard, *Pantser in Aksie* ..., p. 27.

286 L. Barnard, *Pantser in Aksie* ..., p. 26.

287 L. Barnard, *Pantser in Aksie* ..., p. 27.

288 L. Barnard, *Pantser in Aksie* ..., p. 27.

gedoen, maar is in April 1942 onttrek aan die Derde Divisie Groep om in 'n pantserkommando omskep te kon word.[289]

Sedert die aanvang van 1943 is die eenheid na Noord-Afrika verplaas sodat daar met voorbereidings vir die inval in Italië begin kon word. In Italië het die eenheid geen werklike groot veldslag beleef nie, maar was by skermutselings tydens die Slag van Celleno betrokke waar die eenheid se verliese redelik lig was.[290]

Teen die einde van die oorlog in Europa het die SDB amptelik as die Eerste Spesiale Diensbataljon Brigade (ESDB) bekend gestaan.[291] Die SDB wat in Italië gefunksioneer het, het in die helfte van Januarie 1946 tydelik opgehou bestaan.[292]

289 L. Barnard, *Pantser in Aksie* ..., p. 27.

290 L. Barnard, *Pantser in Aksie* .... p. 27.

291 L. Barnard, *Pantser in Aksie* ..., p. 34.

292 L. Barnard, *Pantser in Aksie* ..., p. 35.

# 5. VERSKILLE EN OOREENKOMSTE TUSSEN DIE RAD EN DIE SDB

## 5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die RAD en die SDB met mekaar vergelyk. Die vergelyking geskied teen die agtergrond van die destydse politieke en sosiale toestande. Die moontlike raakpunte in die funksionering en organisasie van die RAD en SDB word bespreek, asook of die RAD 'n invloed op die SDB uitgeoefen het.

## 5.2 'n Vergelyking van die redes wat tot die stigting van die RAD en SDB aanleiding gegee het

Ten eerste word die verskille en ooreenkomste in die onderliggende oorsake van die stigting van beide die RAD en SDB ondersoek. Albei organisasies het in onderskeidelik Duitsland en Suid-Afrika ontstaan, weens die unieke omstandighede in die betrokke land. Daar bestaan geen dokumentêre bewyse dat die twee organisasies enige vorm van bestuiwende invloed op mekaar gehad het nie. Albei se ontstaan was veel eerder tydsgebonde verskynsels. Die RAD en die SDB se ontstaan is waarskynlik daarop gegrond dat dit pogings was om veral die destydse werkloosheidsprobleem te probeer oplos.

Oppervlakkig beskou was daar sekerlik raakpunte in die sosio-ekonomiese toestande in Suid-Afrika en in Duitsland gedurende hierdie betrokke periode. Onrus, ekonomiese

depressie en politieke omwentelinge was egter geensins net tot die twee lande beperk nie.

Sover dit Suid-Afrika en Duitsland betref was die omvang van die genoemde probleme miskien groter in Duitsland.

Die rampspoedige verloop van die Eerste Wêreldoorlog vir Duitsland, het die Duitse volk swaar getref. Ook die feit dat Duitsland sedert 11 November 1918 van 'n keiserryk na 'n republiek verander het, het verreikende gevolge gehad. Die Kommuniste wou 'n rewolusie in Duitsland teweeg bring, geskoei op die resep van die Russiese Rewolusie. Die monargiste wou die keiser herstel sien, terwyl die Nasionaal-Sosialiste hulle eie orde wou instel.[293]

'n Belangrike ooreenkoms in die onderliggende oorsake tot die stigting van die RAD en die SDB was dat albei organisasies uit verlore oorloë ontstaan het. In Suid-Afrika se geval was dit die Anglo-Boereoorlog wat weliswaar ongeveer die helfte van die land ernstig geraak het en in 1902 ten einde geloop het. Dié oorlog het egter veroorsaak dat die Afrikaners massagewys na die stede gestroom het en dat hulle as 'n volk verarm het. Daarna het die depressie van die twintigerjare ook 'n verswarende invloed op veral die Afrikaanssprekendes gehad.[294]

---

293 Vgl. E. Franzel, *Die Geschichte des deutschen Volkes: Von den Germanen bis zur Teilung nach dem Zweiten Weltkrieg* (Mannheim, Adam Kraft Verlag, 1985), pp. 808 - 820.

294 F. A van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede: Geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk* (Johannesburg, Perskor, 1984), pp. 9 - 21.

Die uitslag van die Eerste Wêreldoorlog het, vir Duitsland, soos reeds aangedui, veral op sosio-ekonomiese gebied niks goeds ingehou nie.[295]

Die ideologiese konflik in Duitsland was voor 1933 van so 'n aard dat die Kommunisme 'n groot kans op sukses gehad het.[296] In Suid-Afrika het die Kommunisme nie sedert die 1922-staking 'n ernstige bedreiging gebied nie, ten minste nie wat die formele politiek betref nie.[297]

In Duitsland was daar teen 1933 'n regering aan die bewind wat geen kompromie sou duld nie en wat ultra-nasionalisties was.[298] In Suid-Afrika het die smeltersregering in 1933 ontstaan, wat in hoofsaak 'n sameflansing van twee opponerende partye was.[299]

## 5.3 'n Vergelyking van die doelstellings van die RAD en SDB

Daar gaan gevolglik na die ooreenkomste tussen die twee organisasies gekyk word, waarvan die opvoedkundige doelstellings die belangrikste was.

---

295 Kyk pp. 4-5 hierbo.

296 E. Kern, *Adolf Hitler und seine Bewegung*, p. 206.

297 C. F. J. Müller (reds.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 3de uitg. (Pretoria, Academia, 1984), p. 416.

298 Kyk pp. 22 en 46 hierbo.

299 Vgl. D. O'Meara, *Volkskapitalisme: Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism* (Cambridge, Cambridge Press, 1983), p. 47. Vgl. ook T.D. Moodie, *The rise of Afrikanerdom : Power Apartheid and the Afrikaner Civil Religion* (London, University Press, 1975), p. 121.

Hierl was oortuig daarvan dat die Nasionaal-Sosialistiese "bevryding" bygedra het tot 'n terugkeer na die Duitse karakter en eergevoel. Die eerste oogmerk van die RAD was volksopvoeding.[300] Hierl wou graag sien dat die RAD 'n opvoedingskakel tussen die skool en weermag moes wees.[301] In Hierl se siening van die Arbeidsdiens sou die RAD dus 'n formele opvoedkundige inrigting wees.[302] Gedurende die jeugdiges se opleidingstydperk moes die persoonlikheid alle moontlikhede gebied word om vry te ontwikkel.[303]

Ook in die SDB het die opvoeding van jeugdiges prioriteit geniet. By die SDB was dit prioriteit dat SDB-lede in die siviele lewe as waardige burgers inpas. Daar is ook gepoog om die regte lewensbeskouing by die lede aan te leer. Die SDB het van die "ongekunstelde plattelande seun" 'n nuttige landsburger gemaak.[304]

Nog 'n ooreenkoms tussen die RAD en die SDB was dat by beide organisasies daar 'n strewe was om die jeug van verval te red. Die probleem van werkloosheid was sorgwekkend. In Suid-Afrika sowel as in Duitsland is daar gevrees dat werkloosheid 'n skadelike effek op die jeug sou hê.[305]

---

300 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 64.

301 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 69.

302 K. Heirl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 75.

303 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 79.

304 Kyk p. 70 hierbo.

305 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 71. Kyk ook pp. 18 en 69 hierbo.

In albei organisasies is daar deur middel van die onderskeie programme gepoog om gesonde lewensgewoontes by die jeug aan te kweek en ook om die jeug liggaamlik op te voed.[306] By die RAD het die beginsel gegeld dat liggaamlike opvoeding positief benader moet word eerder as om dit as 'n strafmiddel toe te pas. Uiteraard moes liggaamlike opvoeding by die SDB as militêre eenheid strenger wees.[307]

Die RAD en SDB het dus albei probeer om die probleem van werkloosheid wat eie aan die tyd was, op 'n spesiale manier op te los.

Alhoewel 'n aantal ooreenkomste tussen die RAD en SDB bestaan het, was daar ook verskille.

Die RAD se totale leer was op 'n arbeidsfilosofie gebaseer met die veronderstelling dat arbeid, diens aan die volk is.[308] Eers as die mens sy hele persoonlikheid aan arbeid gee, dra die wese van arbeid 'n besondere stempel.[309] Die RAD wou geen militariste oplei nie, maar wou soldate van arbeid skep, daarom dan die gedagte dat die RAD met grawe moes marsjeer. Dit moes net so eervol wees om met die graaf te werk, as om met die geweer te veg.[310]

---

306 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 85.

307 L. Barnard, *Pantser in aksie*..., p 26.

308 K. Hierl, *Gedanken hinter Stacheldraht* ..., p. 86.

309 K. Hierl, *Gedanken hinter Stacheldraht* ..., p. 87.

310 K. Hierl, *Gedanken hinter Stacheldraht* ..., p. 88.

Alhoewel ook die SDB sy ontstaan aan sosio-ekonomiese wantoestande te danke gehad het, het die sogenaamde "Nuwe Orde-filosofie" nie deel uitgemaak van die SDB se doelstellings nie. By die stigting van die SDB was daar beslis sekere opvoedkundige doelwitte, maar dié organisasie was nog altyd 'n integrale deel van die Suid-Afrikaanse Leër. Die RAD het die volle steun van die Duitse regering gehad om die totale Duitse na-skoolse jeug te betrek, terwyl die SDB slegs 'n beperkte aantal rekrute kon bereik.

Die grootste verskil in die doelstellings van die SDB en van die RAD was sekerlik dat SDB-lede "soldate van die geweer" was, terwyl RAD-lede "soldate van die graaf" was. Daar moet egter altyd in gedagte gehou word dat die SDB ook 'n middel tot 'n doel was om jong mans van morele verval te red, en om hulle tydelik te akkommodeer en vir hulle betrekkings in die siviele lewe te vind.[311]

## 5.4. 'n Vergelyking van die funksionering van die RAD en SDB

In Duitsland is arbeidsdiensplig sedert 26 Junie 1935 wetlik verpligtend.[312] Dit was die enigste land waar Arbeidsdiens as suiwer arbeidsorganisasie verpligtend vir alle manlike jeugdiges was. Die arbeidsdiens is later ook na die vroulike jeug uitgebrei.[313]

---

311 Kyk pp. 48 en 52 hierbo.

312 K. Hierl, *Gedanken hinter Stacheldraht ...*, p. 88.

313 Statutêr was arbeidsdiensplig vanaf 26 Junie 1935 vir beide geslagte verpligtend, maar die reëling is sover dit die vroulike jeug betref eers vanaf 4 September 1939 toegepas. Vgl. W. Mallebrein, *Männer und Maiden ...*, p. 149.

Volgens Hierl se eie siening was die RAD 'n rewolusionêre daad.[314] In die funksionering van die RAD was filosofie belangrik. Filosofie moes tot lewenswysheid lei. Die mens moes die waarheid ten opsigte van die sin en wese van die lewe soek. Kennis en erkenning van die natuurwette, "Weltanschauung" en godsbegrip het vir Hierl in noue samehang gestaan. Die kennis van die ware, moes dus na die goeie lei.[315]

Die RAD het 'n bepaalde filosofie voorgestaan, maar dit was nie die geval met die SDB nie. Die RAD was uiteindelik een van die komponente van 'n sisteem, die Nasionaal-Sosialisme, wat op sy eie gebied sy lede met hierdie sisteem vertroud moes maak. Daar was dus by die RAD 'n ideologiese onderbou. By die SDB was daar egter nie so 'n ideologiese onderbou wat deur die staat ingevoer is teenwoordig nie.

Enkele ander opsigte waarvan die SDB en die RAD verskil het, word vervolgens bespreek.

Anders as die RAD, het die SDB homself uit die staanspoor beperk met betrekking tot ledetal. Slegs 'n beperkte aantal rekrute is sodoende geakkommodeer. Die gedagte het dus glad nie bestaan dat die SDB na die volksmassa uitgebrei moes word nie.

Omdat die SDB sekere vereistes vir aansluiting neergelê het en omdat slegs die beste aansoekers aanvaar is, het die SDB 'n elite-benadering gehad. In die periode 1933 - 1945 het die SDB slegs van manlike vrywilligers gebruik gemaak. Die SDB was

---

314 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 88.

315 K. Hierl, *Im Dienst für Deutschland* ..., p. 105.

bewustelik 'n militêre eenheid, waar die primêre doel wapenopleiding was en waar 'n militêre kode van dissipline noodwendig moes geld.[316]

Die SDB het wel ook beoog om jeugdiges op te voed en as waardige burgers aan die samelewing terug te gee, maar anders as by die RAD was daar geen bewuste lewensfilosofiese program in die SDB nie.[317]

Terwyl manne en vroue lede was van die RAD, was die deure van die SDB slegs vir die manlike jeug oop, veral omdat dié organisasie in die eerste plek van mense soldate wou maak. In die geval van die RAD het Hierl klem daarop gelê dat dié organisasie nie 'n voor-militêre organisasie of selfs 'n bedekte leër mag wees nie.[318]

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het onvermydelik tot gevolg gehad dat die rol en funksie van die RAD[319] en SDB sou verander.[320]

---

316 L. Barnard, *Pantser in Aksie* ..., p. 26.

317 Kyk p. 64 hierbo.

318 Kyk pp. 26 en 52 hierbo.

319 Kyk p. 52 hierbo.

320 Kyk p. 71 hierbo.

## 6. Samevatting

Vervolgens word die hooftrekke van hierdie ondersoek saamgevat.

Enkele ooreenkomste tussen die organisasies was dat albei binne hulle onderskeie raamwerke opvoedkundige doelwitte gehad het. In albei organisasies was daar ook 'n dissiplinêre kode. Beide die SDB en die RAD se oorspronklike rolle het egter as gevolg van die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog verander. Afgesien van hierdie rolveranderings, was die RAD en die SDB niks anders as die produkte van pogings om werkloosheid te verlig en om die jeug van maatskaplike verval te red nie.

Die belangrikste verskil tussen dié organisasies was dat die RAD binne 'n ideologiese raamwerk gefunksioneer het, terwyl dit nie die geval met die SDB was nie. Alhoewel lede van die RAD ook "soldate van arbeid" genoem is, was die RAD nooit 'n militêre organisasie nie. Daarenteen was lede van die SDB in die eerste plek soldate. Die SDB was dus 'n militêre organisasie. Waar die SDB deurgaans van vrywilligers gebruik gemaak het, was arbeidsdiensplig sedert 1935 in Duitsland verpligtend.

Alhoewel die ooreenkomste tussen die RAD en SDB maatskaplike omstandighede en dieselfde sosio-ekonomiese agtergronde as grondslag het, was dié ooreenkomste nogtans oppervlakkig. Die verskille tussen die twee organisasies was meer fundamenteel.

Soos tevore reeds aangedui is, het die RAD ook nie as 'n voorbeeld vir die SDB gedien nie.[321]

[321] Kyk pp. 77 - 79 hierbo.

**BRONNELYS**


**ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE**

Transvaalse argiefbewaarplek (TAB), Pretoria

1. N. C. Havengaversameling, aanwinste 38/A20, 38/A26.

2. Ploegerversameling, aanwinste 128/A216.

3. J. C. Smutsversameling, 124/92, 124/95.

**FILMS**

1. Leni Riefenstahl (regisseur): *Triumph des Willens*, 1934.

**ONDERHOUDE**

1. Fritsch, H.: Onderhoud 1993, notas in skrywer se besit.

2. Guderian, E.: Onderhoud 1992, notas in skrywer se besit.

3. Steffens, W.:Onderhoud 1992, notas in skrywer se besit.

**PAMFLETTE**

1. Meinecke, F.: *Grabeneinsatz im Moor* (Program tydens samekoms van voormalige RAD-leiers, Hannover, 31 Aug. 1979 - 2 Sept. 1979).

2. Beyrich, U.: *Dass die Arbeit Freude werde! Erinnerungen an den RAD* (Frankfurt, 1986).

## PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGE

1. Kienzle, W. R., *German policy towards the Union of South Africa, 1933-1939* (ongep. D. Phill - proefskrif, Pennsylvania University, 1974).

2. Otto, W., *Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon 1933-1939* (ongep. M.A. - verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1972).

3. Van Heerden, F.J., *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek : 1933 - 1948* (ongep. D. Phill-proefskrif, U.O.V.S, 1973).

## KOERANTE

1. Cape Times, 1941.

2. Rand Daily Mail, 1941.

3. Südafrika Deutsche, 1991.

4. The Natal Mercury, 1941.

5. Transvaler, 1938.

## ARTIKELS IN TYDSKRIFTE EN ENSIKLOPIDIEË

1. Anon., "A brief history of the Special Service Battalion", *Omnia Militaria*, 3(3): p.2, Junie 1983.

2. Anon., "Geestestrominge in die Dietse lande", *Wapenskou*, 2(3): p.5, Mei 935.

3. Anon., "An onlooker comments on the Special Service Battalion", *SSB-quarterly*, nr. 1; p. 25, April 1937.

4. Anon, "Arbeitsdienst", *Politisches Lexicon,* nr. 1: 1967.

5. O. Borst, "Ein Zeuge des Glaubens \ Zur Wiederkehr des Todes van Dr. Ing Todt am 8 Febr. 1942", *SS-Leitheft.* 9(3): p. 7, Maart 1943.

6.. J.L. Collins (ed.), "Organisationbuch der NSDAP", *The Marshall Cavendish Illustrated encyclopeadia of World War II,* nr. 24: pp. 3277-3360.

7. J. A. du Plessis, "Die verhouding tussen kerk en staat", *Koers,* 1(5): pp.10-13, April 1934.

8. W. Dettenberg, "Briefe; Glaube und Schönheit", *Der Spiegel,* 19(6): p. 5, Februarie 1964.

9. F. Friedl, "Roosevelt Franklin, D" *Encyclopaedia Brittanica,* nr.15: pp. 1139-1140, 1980.

10. P. G. Joint, "Discipline in the army", SSB quarterly, nr. 10, p.13, April 1937.

11. R. Koesiek, "Dr. Fritz Todt", *Deutschland in Geschichte und Gegenwart,* 39(3): p.24, 1992.

12. H. Kohn, "Fascism", *Encyclopaedia Brittanica,* nr. 7: p. 187, 1980.

13. J. D. Kruger, "Vrystaatse armsorg". *Koers,* 5(3): p.31, Februarie 1935.

14. P. Minrath, "Briefe; Glaube und Schönheit", *Der Spiegel,* 19(6): p. 5, Februarie 1964.

15. J. Ploeger, "Geleidelike opbou", *Militaria,* 1(3) : p. 33, Maart 1969.

16. J. P. van der Merwe, "Die huidige ekonomiese ontwrigting", *Koers,* 1(2): p.23, Oktober 1933.

17. J. P. van der Merwe, "Behuising en die arme", *Koers,* 5(3): p.14, Desember 1937.

18. J. C. Vlok, " 'n Buitestaander beskou die SDB", *SDB-kwartaalblad,* nr. 10: pp. 6-8, April 1937.

## GEPUBLISEERDE WERKE

1. Baradat, L. P., *Political ideologies: Their origins and impact* (England, Prentice-Hall, 1984).

2. Barnard, P., *Pantser in Aksie: 1 SDB 1933- 1993* (Bloemfontein, NG Sendingspers, 1993).

3. Barnard, W.N., & Steyn, J.N., *Ruimtelike ordening: 'n Ekonomies geografiese perspektief* (Pretoria, Van Schaik, 1984).

4. Beyers C.J. (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, Band V (Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1987).

5. Bradley, J., *The illustrated history of the Third Reich* (Greenwich, - USA, Bison Books, 1983).

6. Broszat, M., *The Hitler state: The foundation and development of the internal structure of the Third Reich* (Essex, Longman, 1981).

7. Carstensen, P.C., *Deutschland* (Berlyn, Volk und Reich, 1938).

8. Cigaretten Bilderdienst,*Adolf Hitler: Bilder aus dem Leben des Fuhrers* (Leipzig, Brockhaus, 1935).

9. Codreanu, C., *Eiserne Garde: An meine Legionäre* (München, Colectia Europa, 1987).

10. Constable, G (ed.), *The new order* (Alexandria, Virginia, Time life, 1989).

11. Crwys-Williams, J., *A country at war 1933 - 1945: The mood of a nation* (Rivonia, Ashanti, 1992).

12. Eksteen, *The statesmen* (Kaapstad, Dan Nelson, 1978).

13. Evert, H., *Aus deutscher Sicht: Erlebte Zeitgeschichte* (Fischbachbau, Evertverlag, 1985).

14. Feder, G., *Das Programm der NSDAP* (München, Franz Eher, 1927).

15. Fowler, E.W.W., *Nazi Regalia* (London, Bison Books, 1992).

16. Franzel, E., *Die Geschichte des deutschen Volkes : Von den Germanen bis zur Teilung nach dem Zweiten Weltkrieg* ( Mannheim, Adam Kraft Verlag, 1985).

17. Fritsch, H., *Land mein Land : Bauerntum und Landdienst BDM- Osteinsatz ; Siedlungsgeschichte im Osten* (Allendorf, K. W. Schütz, 1986).

18. Giesler, H., *Ein anderer Hitler: Bericht seines Architekten Hermann Giesler* (Assenhausen, Leitfaden, 1977).

19. Hamilton, C., *Leaders and Personalities of the Third Reich: Their biografies, portraits and autographs* (California, James Bender, 1984).

20. Hierl, K., *Gedanken hinter Stacheldraht: Eine Lebenschau von Konstantin Hierl* (Heidelberg, Kurt Vowinckel, 1953).

21. Hierl, K., *Im Dienst für Deutschland 1918-1945* (Heidelberg, Kurt Vowinckel, 1954).

22 Hitler, A., *Mein Kampf*: Zweiter Band (München, Franz Eher, 1927).

23. Hogan, D.L., *Der Unnötige Krieg, 1939 - 1945 "Germany must Perish"* (Tübingen, Grabert Verlag, 1974).

24. Illustrierte Beobachter, *Das Deutscland Adolf Hitlers* (München, Franz Eher, 1937).

25. Kern, E., *Adolf Hitler und seine Bewegung* (Allendorf, K.W. Schütz, 1970).

26. Kern, E., *Adolf Hitler und das Dritte Reich* (Allendorf, K..W. Schütz, 1971).

27. Kindleberger, P.C., *The world in depression 1929-1939* (London, Penguin, 1973).

28. League of Nations, *World economic survey 1938/39* (Geneva, League of Nations, 1939).

29. Le Roux, J.H., & Coetzer, P.W., *Die Nasionale Party, Deel 3, Eerste bewindsjare 1924 - 1939* (Bloemfontein, Nasou, 1986).

30. Liebenberg, B.J., & Spies, S.B. (ed.), *South Africa in the twentieth century* (Pretoria, Van Schaik, Academic).

31. Mallebrein, W., *Männer und Maiden: Leben und Wirken im Arbeitsdienst des Deutschen Reiches und in anderen europaischen Staaten in Wort und Bild.* (Preussisch Oldendorf, K.W. Schütz, 1985).

32. Marquard, L., *The peoples and policies of South Africa* (London, Oxford, 1952).

33. Meiring, P., *Terugblik op koalisie na vyftig jaar* (Johannesburg, RAU, 1983).

34. Moodie, T.D., *The rise of Afrikanerdom: Power apartheid and Afrikaner civil religion* (University of California Press, Berkeley, 1975).

35. Müller, C.F.J.(red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Pretoria, Academia, 1984).

36. Nationalsozialistische Lehrerbund, *Deutsches Volk - Deutsche Heimat* (Berlyn, Volk und Reich, 1940).

37. Öhquist, J., *Das Reich des Führers* (Bonn, Ludwig Rohrscheid, 1943).

38. O'Meara, D., *Volkskapitalisme : Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism* (Cambridge, Cambridge Press, 1983).

39. Pelser, A.N., *Die Afrikaner Broederbond: Eerste vyftig jaar* (Kaapstad, Tafelberg, 1979).

40. RAD., *Jahrbuch des Reichsarbeitsdienstes 1937/38* (Berlin, Volk und Reich, 1938).

41. Russel, S., & Schneider, J.W., *Heinrich Himmlers Burg: Das weltanschauliche Zentrum der SS ; Bildchronick der SS-schule Haus Wewelsbrug* (Essen, Heitz & Höffke, 1989).

42. Scholtz, R., *Architektur und Bildende Kunste 1933-1945* (Preussisch Oldendorf, K.W. Schütz, 1977).

43. SS-Hauptamt - Schulungsamt, *Der Untermensch: SS - Bilderbuch* (Berlin, Nordland - verlag, 1941).

44. Steeh, J., *The rise and fall of Adolf Hitler* (London, Bison, 1980).

45. Strydom, H., *Vir Volk en Führer* (Johannesburg, Jonathan Ball, 1983).

46. Van der Walt, A.J.H. e.a., *Geskiedenis van Suid-Afrika* , 3de uitg., verwerk deur D.W. Krüger (Goodwood, Nasou, 1979).

47. Van Jaarsveld, F.A., *Die Afrikaners se groot trek na die stede* (Pretoria, Perskor, 1982).

48. Van Wyk, A.J., *Vyf dae: Oorlogskrisis van 1939; 'n Spanningsverhaal uit Suid-Afrika se geskiedenis* (Kaapstad, Tafelberg, 1985).

49. Vatcher, W.H., *White Laager: The rise of Afrikaner nationalism*. (London, Pall Mall, 1965).

50. Volk und Reich., *Deutschland Olympia Jahr*. (Berlyn, Volk und Reich, 1936).

51. Wood, A., *Europe 1815 - 1945* (Essex, Longman, 1964).

## LYS VAN AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| AB | Afrikaner Broederbond |
| CCC | Civil Conservation Corps |
| DAP | Duitse Arbeidersparty |
| DDR | Duitse Demokratiese Republiek |
| ESDB | Eerste Spesiale Diensbrigade |
| HJ | Hitlerjeug |
| HK | Hoofkwartier |
| NSAD | Nasionaal-Sosialistiese Arbeidsdiens |
| NSDAP | Nasionaal-Sosialistiese Duitse Arbeidersparty |
| RAD | Reichsarbeitsdienst |
| RM | Ryksmark |
| SA | Sturmabteilung |
| SDB | Spesiale Diensbataljon |
| SPD | Sosiaal-Demokratiese Party van Duitsland |
| SSB | Special Service Battalion |
| SS | Schutzstaffel |
| TAB | Transvaalse Argiefbewaarplek |
| UVM | Unie-Verdedigingsmag |
| VAD | Vrywillige Arbeidsdiens |
| WPA | Works Progress Administration |